# *Dit Is Ek, Wees Nie Bevrees Nie*

So goed om weer hier te wees vanaand. Ons het net 'n wonderlike tyd gehad gister, en ek het vandag heeldag in die atmosfeer van gister se diens gelewe. So ek is bly om in die diens van die Here te wees vanaand.

2 Nou, met soveel wat wag, of staan, liewer, dat ek moet sê wat staan, liewer, dat ons jammer is dat ons nie die voldoende plek vir sitplek het nie, maar ons weet dat, as julle net 'n rukkie geduldig met ons sal wees, sal die Here julle beslis beloon, ek hoop Hy sal. En ek is seker Hy sal, want Hy beloon altyd diegene wat geduldig is, en "Hulle wat op die Here wag, sal hulle krag hernu, en hulle sal opstyg met vlerke soos 'n arend."

3 Nou, die laaste paar aande, of dae, het ek net gepreek, soort van, vir julle, en die klein uitroeprye gehad, ensovoorts, Ek glo soort van ek skuld dit vir die siek mense vanaand om vir die siekes te bid, want daar is soveel van hulle hier, en ek het vir die manne gesê om 'n paar gebedskaartjies uit te gee vanmiddag. Ek reken hulle het, of het hulle? Het hulle? Dis goed, goed. Ons sal . . . (Dankie, Broer Gene.) Ons sal hulle roep net binne 'n paar oomblikke.

4 Ek het Broer Moore gevra om namens my te praat, vanaand, enigste ding wat ek hoef te doen is om in te kom, vir die siekes te bid. Het jy dit gedoen? Wil enigeen 'n werk hê om my op te volg, namens my te praat? O, net oral rondom . . . O, goeiste! Wel, ek . . .

5 Hierdie sakdoeke hier wat hiernatoe gestuur is om oor gebid te word, nou, ons glo eerbiediglik om te bid vir hierdie doeke. Nou, ons onthou dat hierdie 'n Bybelse Doktrine is om oor hierdie doeke te bid. Nou, baie mense salf hulle met olie en stuur hulle terug na die pasiënte. Ons stuur duisende van hulle per maand om die wêreld. En as julle nie een hierbinne het nie, as julle net vir ons kantoor skryf, wel, sal ons dit beslis gratis aan julle stuur, geen koste vir enigiets wat ons doen nie.

6 So, in die Bybel, as julle my sal verdra, glo ek Skriftuurlik, Paulus het nooit oor hulle gebid of hulle gesalf nie, hulle het van sy liggaam af geneem. Ek glo Paulus was Skriftuurlik, dink julle nie so nie? Wil julle graag weet waar ek dink hy dit vandaan gekry het? Elía eenkeer, toe 'n baba dood was, het Elía vir Gehási gesê: "Neem my staf, en gaan lê dit op die kind."

7 Nou, Elía het geweet dat die Heilige Gees op hom, en alles wat hy aangeraak het, geseënd was. En hy het gesê: "Neem

hierdie staf, en lê dit op die baba." Ek dink dis waar Paulus die idee gekry het om te lê. . . sakdoeke en voorskote van sy liggaam af te neem, want ek sou nie dink dat Paulus enigiets onskriftuurliks sou doen nie. So hy het gestuur. . .

8 Nou, ons besef, dat ons nie Paulus is nie, maar Hy's steeds Jesus, sien, Hy's steeds God. So God, wat geen aannemer van persone is nie, Hy stuur vir julle pastore, en evangeliste, en dinge, dat julle dieselfde geloof mag hê in dieselfde God wat Paulus verteenwoordig het. En dan as ons dieselfde bediening het wat Paulus gehad het, vind dieselfde dinge plaas in ons bediening, vind plaas, wat plaasgevind het in Paulus se diens.

9 Nou, net voor ons, of, vanaand voor ons begin bid vir die siekes, wil ek—ek hande op daardie sakdoeke lê en vir hulle bid. Baiekeer. . . Ek het foto's, julle let op in die boeke daar, van Suid-Afrika waar hulle gehad het, ek glo, sestien of agtien grassakke vol. Een aand se diens, net yslike groot, noem ons hulle, ek reken hulle is streepsakke en vol sakdoeke, en briewe, en dinge gestop. En een van die verslaggewers het gesê: "Broer Branham is baie bygelowig, hy het oor doeke gebid," sakdoeke.

10 Dit, hulle ken nie die Skrif nie, dis al, hulle is lieflike mense, hulle verstaan net nie. Dis hoe baie daarvan vandag is, hulle is almal gawe mense, maar baiekeer verstaan ons net nie, so ons verdra dit net.

11 So dan is ons bly om op enige manier te bedien. Nou, as julle na Jeffersonville toe skryf, sê hulle net, dit sal 'n doek wees waaroor ek gebid het. Ek kan nie 'n sakdoek stuur nie, hulle is te duur om duisende van hulle per maand te stuur, ek neem 'n lint en sny hulle af en bid oor hierdie linte, en dan maak een of ander suster oorkant in Illinois vir my klein lappies omtrent soos *daardie*, nie baie duur nie, o, ek dink, ek vergeet wat hulle betaal, per honderd, vir hulle. En ons kry hulle in die yslike groot bokse, en ek neem hulle en bid oor hulle. En dan is daar 'n opgestelde brief, ons het 'n kettingsirkel om die aarde, die hele aarde is omring hiermee. Ons het meer wonderwerke wat gedoen word deur daardie doeke as wat ons reg in die diens het, want ons bereik meer mense.

12 Ek wil dit graag vertel, ek weet dit neem baie van julle tyd, maar paar dae, o, dis nie 'n paar dae nie, paar, omtrent twee jaar gelede, is daar een na Duitsland gestuur, en op die doek staan daar: "As jou—jou pastoor 'n gelowige is, roep hom in, as jy enige sonde gedoen het, bely dit, maak alles reg, God sal nie genees nie, net op voorwaarde." Sien? "So roep jou pastoor in, en as jy enigiets verkeerd gedoen het, bely dit, die Bybel het gesê: 'Bely julle foute teenoor mekaar, bid vir mekaar, dat julle genees mag word. Want die vurige gebed van die regverdige het groot krag.'"

13 En ek sê: "As julle. . . As julle geen pastoor het wat in genesing glo nie, miskien het julle 'n buurman wat in genesing

glo, een of ander lidmaat van die kerk, iemand met wie julle kan praat en—en kan vertrou."

14 En hierdie klein, Duitse vroutjie het 'n paar buurvroue ingeroep, en sy het gesê: "As ek enigiets verkeerd gedoen het, is ek gewillig om dit reg te maak, ek weet niks daarvan nie." Sy was 'n invalide in 'n rolstoel vir iets oor die twintig jaar. So hulle het gebid en die sakdoek uit die brief gehaal, dit op die klein, Duitse vroutjie gelê. Het agter op die bladsy gehad waar hulle die vertaling van haar getuienis gegee het, sy het gesê: "Nou, ou man duiwel, jy was lank genoeg in my, so gaan uit." Sy het net opgestaan uit die rolstoel, en begin aanstap.

15 Nou, dis net so eenvoudig. Ja, meneer. "Ou man duiwel, jy het my lank genoeg vasgehou, gaan nou uit my uit," en het net reguit opgestaan, en weggestap. Nou, dis net hoe eenvoudig dit is.

16 Ek en Broer Jack Moore op die, een van ons eerste sendingreise na die weste, het vir 'n lang tyd nie hieraan gedink nie, ons het gebid vir die Indiane buite in San Carlos. [Broer Jack sê: "Het daardie selfde ding gedink."—Red.] Ja. Het jy daaraan gedink? Wel, miskien wil die Here hê ek moet dan iets daaroor sê. Ons was onder by die Spaanse mense, die eerste keer wat ek ooit vir Indiane gebid het, en daar was 'n alkoholis, en 'n tuberkulose wat in die diens in Phoenix ingekom het, by die Byrd Hoërskool Ouditorium.

17 En toe ek hulle daardie Indiane op die platvorm sien bring het, my hart het altyd uitgegaan na Indiane, in elk geval. Wel, ek dink hulle het die slegste kant van hierdie Amerika-situasie gekry. So toe, sodat, het ek die Here gevra of Hy daardie twee Indiane sou genees, en dit hulle definitief sou genees, dan sou ek teruggaan na die reservaat. Voor ek by Kalifornië gekom het, was daar iemand daar wat my laat weet het dat hulle albei genees is.

18 So ons moes weer opgaan na die reservaat, en ek onthou dat ek daar ingegaan, en met daardie Indiane gepraat het, daardie Apaches, yslike groot, sterk mense wat daar rondsit, oral. En ek het gesê: "Nou, ek weet hoe julle moet voel." Ek het gesê: "Ek dink dis verkeerd om biljoene dollars oorsee te stuur vir hulle om vliegtuie op te bou, en bomme te maak, en terug te kom en ons daarmee op te blaas, dis reg, wanneer duisende van hierdie Indiane elke jaar sterf van hongersnood op die prêrie."

19 Dis—dis 'n klad op ons vlag om so-iets te doen. In der waarheid, behoort hierdie land aan hulle, ons het hulle net teruggestoot. Wat sou ons dink as die Japanese hiernatoe kom en ons terugstoot, of so-iets? Dieselfde gevoel. Onthou hulle is mense.

20 Ek het gesê: "Dit alles kan ek nie verhelp nie, ek's net een Amerikaner, ek's net een persoon wat stem net soos julle, en dieselfde regte het wat julle, en almal het." Maar ek het gesê:

"Ek is nie hier om julle te vertel van hierdie nasie nie, ek's hier om julle te vertel van Iemand wat julle regverdig sal behandel, dis Jesus Christus."

21 En ek onthou toe ons die gebedsry geroep het, 'n Indiaan is soort van 'n snaakse kêrel, julle weet, so daar het niemand in die gebedsry gekom nie. Was altyd jy sou . . . ons sou hulle moes neem en hulle weghou met groot getalle plekaanwysers. Ons het die gebedsry geroep, daar het niemand gekom nie, ek het omgekyk na Broer Jack, en hy het na my gekyk. Uiteindelik, het die tolk teruggegaan . . .

22 Wat was daardie vrou se naam daar wat daardie sendingstasie daar gehad het op daardie . . .? Ek—ek glo sy behoort, Gemeentes van God, ja, ek vergeet nou haar naam. Maar in elk geval, ek was op haar kerktrappe . . . Wat? Mitchell, Mev. Mitchell. Baie van julle Gemeente van God mense mag onthou. En sy . . . Ons het buite op die trappe gestaan met luidsprekers, en dit het net gelyk soos die ou perdewa dae om hulle daar te sien sit met daardie son wat ondergaan. En al die ou stamhoofde, en die klein Indiaantjies oral rondom, en net daar deur die rivier gegaan het, oraloor op daardie San Carlos rivieroewer.

23 En toe, naderhand, hierdie tolk, hulle vat lank om enigiets te doen, julle weet, so hy het net teruggegaan, 'n Indiaanse vrou uitgebring. Wel, sodra sy uitgekom het, yslike groot, breë polse, kon nie 'n woord Engels praat nie, my in die gesig gekyk. Ek het haar 'n paar minute daar dopgehou, ek het gesê: "Die vrou het 'n geslagsiekte. Dis nie omdat sy onsedelik is nie, maar die manier wat sy moes lewe."

Sy het baie vreemd na my gekyk, daardie tolk het daarby gekom, sy het haar kop geknik: "Dis reg."

24 So die volgende wat uitgekom het, was 'n dogtertjie, en sy het haar kop laag gehou. Ek het gesê: "Nou, hierdie dogtertjie," ek het gesê: "sy behoort aan een van die groot manne in die stam, en sy het 'n koors gehad, dit het haar beide doof en stom laat word. Sy was doofstom vir meer as twee jaar, sy het nie gepraat of enigiets gehoor nie." Ek het gesê: "Nou, almal van julle ken hierdie dogtertjie, want sy is net hier op die reservate." Ek het gesê: "Nou, Jesus Christus het die Indiane lief, Hy sal die Indiane genees."

Hande opgelê, en ek het gedink . . . Ek het gesê: "Moet dit nie tolk nie."

En so, ek het gebid: "Here, laat my guns in hierdie mense se oë vind."

25 En ek het vir die dogtertjie gebid, en ek het na haar toe gekom. En as julle al ooit Apache-taal gehoor het, o, goeiste! Hmm! So, ek het gesê: "Hoor my?" Sy het omgedraai, na my

gekyk, en daardie ou, swart hare, vuil gesiggie, en sy het opgekyk na my, en ek het gesê: "Hoor jy my?"

Sy het gesê: [Broer Branham boots die Apache-taal na—Red.]

En ek het gesê: "Sy sal beter praat."

En haar moeder het omgedraai, gesê: "Hmm! Haar praat nou baie goed."

So, ek het gesê: "Wel. . . "

26 En volgende, het hulle 'n ou seuntjie gehad, hom uit daardie geboutjie uitgestoot, sy ou haartjies so grof soos 'n maanhare van 'n perd, en kop omlaag, en ek het gesê: "Wel," ek het die seuntjie na my laat opkyk, ek het gesê: "hy het skeel oë, het hy nie?"

27 En die moeder was soort van rof, sy het hom net bo-op die kop gegryp, en sy hare agtertoe getrek, oë agtertoe, en sy ogies wat ingesink was soos *daardie*.

28 Ek het gesê: "Wonder of ek kon kry. . . " Hy was bang vir my. So, ek het 'n stuk kougom gehad, ek het vriende gemaak met hom, hom dit laat ruik, julle weet, sy kop laat sak, hom dit laat ruik, daardie klein skeel ogies wat rondkyk.

29 Ek het hom opgetel, hom in my arms getel, en ek het gedink: "God, as U my ooit gehelp het, laat dit nou wees, ek net kan guns vind in hulle oë, dan sal hulle glo." Sien? Ek het hom op my skouertjie gehad, klein koppie op my skouer, en ek het gesê: "Here, ek bid dat U sy oë sal reguit maak."

30 Ek het gesê: "Nou, lig julle julle koppe op." Ek het gesê: "Nou, voor ek die kind van my skouers afhaal, as sy oë nie reguit is nie, is ek 'n vals profeet; as sy oë reguit is, dan glo julle ek het gekom met 'n Boodskap van Jesus Christus vir julle." Ek het hom omgedraai soos *hierdie*, en julle praat van 'n gebedsry! Daar was 'n stormloop. Stof wat vlieg, en almal wat pro- . . . Wel, ons kon nie kry. . . Niemand kon in die ry kom nie, hulle het net baklei, en gestoot, en geskree, oor mekaar gespring.

31 En so, die, die volgende was eintlik 'n ou Indiaanse vrou, wat van agter af gekom het, en daar was 'n klein, fris, omtrent agtienjarige seuntjie, hy—hy het net bo-oor dit alles geklim, hy was baie sterk, hy was volgende in die ry. En ek het gesê: "Seun, jy—jy's—jy's nie volgende nie, hierdie ou vrou is volgende." Ek kon hom nie laat verstaan nie. En Broer Jack is self 'n baie sterk, klein mannetjie, julle weet, skrynwerker, so hy het net die seuntjie gekry, en hom uit die pad uit getrek.

32 Hier kom daardie ou Indiaanse vrou, ek sal dit nooit vergeet solank as wat ek lewe nie, haar krukke was gemaak van twee besemstokke met 'n stukkie, 'n stuk hout bo-aan vasgekap, en lappe daarom gedraai, om dit sagter te maak. En sy kon nie. . . Dit moes 'n artritistoestand gewees het, en sy het hierdie twee stokkies uitgesteek, sy het gelyk of sy ten minste tagtig was, en sy het hierdie twee stokke uitgesteek, en sy sou 'n tree gee, dan,

dan sou sy die ander een neersit. Ek het net baie stil gestaan, en sy het reguit opgestap, soos *hierdie*, na my toe, en sy het gebewe, soos *daardie*, en sy het opgekyk na my soos *daardie*.

33 O, goeiste! Ek het daardie ou, gevlegte hare gesien, grys julle weet, daardie ou, diep plooie in haar wange, en die trane wat hulle pad deursny soos die—die rivier daar, wat afloop, wat van haar gesig afgedrup het soos *daardie*, en ek het gedink: "Iemand se moeder. Sonder twyfel, het daardie ou, swak hand daar, verrimpeld, die trane weggestreel uit babas se oë wat gehuil het. Die ontberings waardeur sy gegaan het!"

34 Sy het net na my gestaan en kyk, en nooit haar mond oopgemaak en 'n ding gesê nie. Meteens het sy net begin glimlag, haar hand uitgesteek, een kruk beetgekry, en een die ander, hulle aan my oorhandig, en daar uitgestap so goed soos enigiemand anders. Geen gebed of niks nie, sy het net geglo. (Onthou jy dit?)

35 En omtrent, ek reken dit was amper daglig, ek was heelnag daar, en dat [Broer Jack sê: "Vieruur."—Red.] omtrent vieruur, vieruur in die oggend, dit was voor sononder daardie middag, ons het daardie hele nag gebid, tot vieruur die volgende oggend, ek het opgelet al die Indiane wat ingekom het, was nat to ver *hierbo*, ek het gesê: "Wat makeer hulle?"

36 En sy het gesê: "Wel, hulle het eers gedink jy is vals," maar gesê: "nou," gesê: "die drif is *ver* ondertoe," maar gesê: "hulle het uitgehardloop in die prêries, en hulle geliefdes gekry, en hulle gaan deur die rivier om middernag en dra hulle geliefdes oor om voor gebid te word."

37 Hulle sal opstaan in die Oordeel saam met die geslag blankes, en hulle veroordeel, baiekeer sommige van hierdie mense wat nie eens deur die deur van 'n diens sal kom nie.

38 En so, ek onthou een geval daar, ek . . . Verskoon my net dat ek die tyd neem, maar geloof kom deur die gehoor, ons oorwin deur die woord van die . . . van ons getuienis. En hierdie was 'n baie besondere geval, daar was 'n ou Indiaan, hulle het 'n plank soos *hierdie* gehad, en dit het vier stokke oor hierdie plank gehad, het nie 'n draagbaar gehad om die ou kêrel op te sit nie, so hulle het hom sy arms *hierop* laat lê, net so grys as wat hy kon wees, en sy knieë oor die ander deel van die plank. En daar was twee yslike groot kêrels wat hom gedra het, net so nat as wat hulle kon wees. Ek het vir die een van die kêrels gesê, hy was volgende in die ry wat gekom het, ek het gesê: "Praat jy Engels?"

"'n *Bietjie*."

Ek het gesê: "Is jy nie bang jy kry longontsteking nie?"

"Nee." Gesê: "Jesus Christus het vir my gesorg, ek het my pa gebring."

"Hmm?" Ek het gesê: "Glo jy Jesus Christus sal jou pa genees?"

"Ja, dis hoekom ek hom gebring het."

Gesê: "Goed." By hom verbygegaan, ek het gesê: "Laat hom verbykom."

39 Ek het net hande op die ou kêrel gelê, daardie gevlegte hare wat daar gelê, en gebewe het soos *hierdie*, julle weet, Ek het my hande op hom gelê, ek het gesê: "God, wees hom genadig, genees hom om Christus ontwil."

40 Ek het gesê: "Neem hom." Ek het gesê: "Laat die volgende een kom." Hulle het oorgekom soos *daardie*. Paar minute het ek 'n groot oproer daarbuite onder daardie Indiane gehoor, jy kon net nie sien vanaf die einde van die ligte af as gevolg van die Indiane nie, het daar uitgekyk, die ou man het die plank op sy eie skouer gehad en aangestap, vir almal gewaai.

41 Sien? Ons—ons probeer dit te ingewikkeld maak. Ons gaan reg bo-oor dit, om dit te probeer vind. Sien? Ons probeer dit een of ander geheimsinnige ding maak, wanneer dit net eenvoudig is. Hoe eenvoudiger jy is, hoe beter sal dit vir jou wees. Moet net nie soontoe spring, jouself probeer forseer nie; ontvang dit net, net so maklik. Jy gaan, jy spring daaroor, te probeer, dis wat ons teoloë doen, spring bo-oor dit, om te probeer vind wat reg langs jou is. Sien? So eenvoudig, die Bybel het gesê selfs 'n dwaas sou nie 'n fout maak nie. Dis reg. Dis so eenvoudig, die Evangelie.

42 O, ek sê julle, ek, wanneer ons oorgaan na die ander Kant, wonder ek net wat dit sal wees wanneer ons daar oorkant kom. Hier. . . 'n Vliegtuig kan stop, iemand by die lughawe sê: "Broer Branham, ek het gely aan *so-en-so* toe. . . "

43 Hier oorkant by die treinstasie, onder, ek was ver bo in die noorde van Brits-Columbië, was agter op 'n jagtog na 'n diens, en ek het *so* 'n lang baard gehad, en het vir vier weke nie gebad nie, ek—ek—ek het geruik soos die perd, en ek was net. . . Ons het een-en-twintig perde daar agter gehad, en so ons moes net die heeltyd by daardie perde bly, en ek het uitgekom, en ek het die saalsakke styfgetrek, 'n ou slap-rand hoed van daardie reëns en sneeu, en wangbaarde omtrent *so* lank, wat grys word, en—en net—net so vuil as wat kon wees.

44 En ons het gestop by 'n plekkie met die naam van East Pine, ver agter bo in die noorde van Brits-Columbië op die Alcan Hoofweg. ek het 'n paar Indiane sien verbykom, daardie wit mokassins aan, en wat loop soos *daardie*. En ek het 'n klein, rooi-gesig vroutjie na my sien kyk, ek weet nie of sy Eskimo of Indiaan was nie, sy het *so* na my bly kyk. En ek het net omgekyk, ek kan nie sien hoe sy ooit my gesig gesien het nie, die baard lank soos *daardie*, Ek het die saalsakke styfgetrek, en ek het iemand my op die skouer voel tik. Ek het omgedraai, sy het gesê: "Verskoon my. Is jy nie Broer Branham nie?"

Ek het gesê: "Ja, mevrou." Ek het gesê: "Hoe het jy my ooit geken?"

Sy het gesê: “Ek sien jou foto.”

Ek het gesê: “Waar?”

Sy het gesê: “Die hondeslee gaan een maal ’n jaar verby, en dit het jou boek gebring met die naam, *Die Profeet Besoek Afrika*.”

45 Broer Rasmussen, het julle al ooit van hom gehoor? Hy het die sleutel van sy motor verloor, en ek het ingegaan by Dawson Creek, o, dis ’n groot stad, omtrent vyfhonderd, seshonderd mense, en reg aan die begin van Alcanweg, het ek ’n groot sleutelbord gesien, en ek het gesê: “Miskien kan ek die man kry om ’n sleutel te maak.” Daar het ’n ou suurdeeg gestaan, o, goeiste, sy gesig, sy neus groot soos die punt van my hand amper, geswel, rooi, groot parka aan, en ek het hierdie man gevra, ek het gesê: “Kan jy ’n sleutel vir ’n motor maak?”

Gesê: “Nee, meneer, ek kan nie.”

Ek het gesê: “Dankie.”

46 Ek het uitgestap, ek het iemand my voel omdraai, ek het gekyk en net gelyk soos klein ogies wat agter al daardie pels sit. Daardie man het my in die gesig gekyk, hy het gesê: “Ja, ek glo ek is reg.”

Ek het gesê: “Wat bedoel jy, meneer?”

Gesê: “Jy’s Broer Branham, is jy nie?”

Ek het gesê: “Ja, meneer. Hoe het jy my geken?”

47 Hy het net begin huil, die trane het van daardie baard afgeloop, my omhels soos daardie. Hy het gesê: “Ek’s jou broer.” Hy het gesê: “Ek het een van jou boeke gekry. Ek het sewe of agt hutte op my valstriklyn, neem my twee weke om hulle na te gaan met ’n hondeslee.” Gesê: “Baie nagte by kerslig het ek gekniel by ’n ou vetkers daarbuite in daardie plekke en vir jou gebid.” Hy het gesê: “Ek het die doop van die Heilige Gees,” het hy gesê: “Ek’s jou broer.”

Wanneer ons almal in die Hemel kom,
Wat ’n blye dag sal dit wees!
Wanneer ons almal Jesus sien,
Sal ons sing en die oorwinning uitroep.

Sal ons nie? Goeiste, goeiste!

48 Om die wêreld, oral, het God Sy kinders. Klim op ’n stoomskip, en begin gaan iewers . . . Ek was oorkant in Jamai- . . . O, ek stop net, dis, ons staan net, aanhou getuig. Waar hulle ook al is, watter lewenswandel ook al, iewers het iemand gehoor van die krag van God om die siekes te genees.

49 Ek wil, nie vanaand nie, ek gaan nie preek nie, want ek wil vir die siekes bid vanaand. Maar net om julle nou gewoond te maak aan die—aan die diens vir die volgende vyftien minute of so, wil ek julle aandag vestig op ’n Skrif wat gevind word in Matthéüs die 14de hoofstuk, die 27ste vers. En ek wil nou dat julle net so

eerbiedig as moontlik sal wees, sien. Luister nou en kyk na die woorde.

50 Hoeveel is hier, wat nog nooit tevore in een van die dienste was nie? Laat ons julle hande sien. O, goeiste, ons kon nie almal in die plek kom op een slag nie, dis, so byna die helfte van die skare was nog nooit tevore in die diens nie. Ons verwelkom julle beslis hier, my pelgrimbroer en suster. Ons is medeburgers saam met julle in hierdie groot Koninkryk van God, wat Sy ekonomie van die Teenwoordigheid van God en die doop van die Heilige Gees geniet.

51 Ek, wat bid vir die siekes, ek maak nie aanspraak om 'n geneser te wees nie, daar's net een Geneser, dis God, en ons is net gestuur as Sy diensknegte. Maar ek maak wel aanspraak dat Jesus Christus spoedig kom, ek soek na Hom. As Hy nie vanaand kom nie, sal ek na Hom soek in die oggend; Hy kom nie hierdie week nie, sal ek volgende week na Hom soek; Hy nie hierdie jaar kom nie, ek sal volgende jaar na Hom soek, ek wil gereed wees wanneer Hy kom.

52 En ek glo dat Hy belowe het: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sou dit wees in die koms van die Seun van die mens." En ons vind uit dat in Sodom die, was daar 'n—'n—'n sondaars, 'n klomp sondaars, Sodomiete; dan was daar 'n klomp Christene, louwarm gelowiges wat die kerk verteenwoordig het wat onder hulle gelewe het, Lot en sy mense, heiligheidsmense, sondes van die stad het sy regverdige siel vertoorn; dan was daar 'n uitverkore groep wat Abraham gehad het, uitgeroep, en elkeen van hulle het 'n teken ontvang. En ek glo dat die teken wat die Engel van die Here gedoen het, gemanifesteer in vlees daar, die teken was van die manifestasie van Christus in Sy Kerk in die laaste dae.

53 Nou, Jesus het gesê, Johannes 14:12: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Hy het ook gesê: "n Klein tydjie en die wêreld," die wêreldorde, "sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien," die Kerk, die Gelowiges, die Uitgeroepte, die Uitverkorenes, "want Ek," *Ek*, niemand anders behalwe *Ek* nie, persoonlike voornaamwoord: "Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld." Hebreërs 13:8 het gesê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid."

54 Dan as Hy dieselfde vandag is as wat Hy toe was, is Hy dieselfde Verlosser, dieselfde Geneser, dieselfde Hoëpriester, dieselfde Here, Hy's net soos Hy toe was, net in plaas van om in 'n vleeslike liggaam met die naam van Jesus te wees, lewe God in Sy Kerk, jou liggaam, my liggaam, wat Hy geheilig het met Sy Eie Bloed dat Hy ons kon reinig deur die was van die water deur die Woord, en aan God 'n Kerk kan aanbied sonder vlek of rimpel. Dat Hy: "Die werke wat Ek doen, sal hy doen, hierdie tekens sal hulle volg wat geglo het," die Bonatuurlike.

55 Goed, in Matthéüs 14:27:

> En *Jesus* het *dadelik vir hulle* gesê: . . . *wees nie bevrees nie* . . . *Hou* 'n *goeie moed; dit is Ek; wees nie bevrees nie.*

56 *Dit Is Ek, Wees Nie Bevrees Nie.* Nou, dra dit nou in julle gedagtes, eerbiediglik, en veral julle wat siek is, en julle wat nie gered is nie, nog nie in die gemeenskap van die Gees gekom het nie, dra dit in julle gedagte, en ek sal opskud net so gou as wat ek kan, die gebedsry roep.

57 Kyk na hierdie gesprek, laat ons afluister, en nou 'n klein dramatjie daarvan maak sodat die jongmense dit kan begryp. Die son het pas ondergegaan, of, was aan die ondergaan oor die horison in die weste toe sy laaste blik op die See van Galiléa was. Ek kan die sterk spiere van die groot visserman sien soos hy die bootjie van agter gestoot het, soos die boeg daarvan uitgestoot het in die water, die mense wat op die wal gestaan en waai en huil het. Soos hy uiteindelik die bootjie van die gruis af in die water gekry het, opgeklim het in die middel van die boot waar sy broer, Andréas, langs 'n roeispaan gesit het, en sy plek ingeneem het. Hulle sou 'n roei of twee gee, en dan vir die mense op die oewer wuif, roei of twee, en waai vir die mense op die oewer.

58 Naderhand, soos skemer begin neerdaal het, was hulle nou buite sig, en dit moes jong Johannes gewees het, hy was die jongste onder hulle, dit moes hy gewees het wat 'n oomblik gewag het, sy roeispan gestop het vir net 'n paar oomblikke om asem te skep, aangesien hulle nog 'n hele ent gehad het, om oor Galiléa te gaan. En toe hy gestop het om sy asem te kry, moes hy iets soos hierdie gesê het, soos hy die sweet van sy gesig afgevee het, gesê het: "Broers, ons kan verseker wees dat die Man vir wie ons volg, nie vals is nie. Vandag toe ek oor Sy skouer gestaan het, en gesien het hoe Hy daardie vissies neem en hulle in twee breek, en gesien het, net sodra Hy gebreek het, daar nog 'n deel van 'n gaar vis uitgekom het. En ek het Hom daardie brood sien neem en daardie brood breek, en vir die broers gee, elke keer wat Hy 'n stukkie brood afgebreek het, net sodra Sy hand weg was, was daar nog 'n stukkie brood daar."

59 Ek wil julle vra: Watter soort atoom het Hy losgelaat? Nie koring nie, klaar gebakte brood, dit was nie in die oond nie, soos Hy Sy eerste wonderwerk in Kanaän gedoen het. Daardie water sou uiteindelik wyn geword het, dit het opgegaan deur die wingerde in die druif, gepars, wyn geword. Maar Hy het dit alles omseil, Hy was Self 'n Skepper. So in die groot opstanding, sal Hy pappa, mamma omseil, geboorte gee hieraan, Hy sal spreek en ons sal uit die stof uitkom, soos Hy met Lasarus het.

60 En Johannes moes gesê het: "Julle weet, vandag was 'n dag wat alle twyfel in my gemoed stilgemaak het. Maak nie saak hoeveel die rabbi's en die leraars van hierdie dag sê dat Hy nie God is nie, ek weet Hy is. Want ek onthou my moeder het vir

my gelees uit die heilige Skrifte, in die Boekrolle van Eksodus, hoedat, toe hulle honger was, soos hierdie mense vandag was, God brood afgebring het uit die Hemel, dit op die grond laat lê het. So, toe ek gesien het . . . Ek het vir moeder gesê: 'Moeder, het God 'n groot oond Daarbo om daardie brood te bak?' Sy het gesê: 'Nee Skat, God is 'n Skepper.'

61 "En toe ek Hom weer daardie brood vandag sien breek het, het ek geweet Dit was daardie selfde Skepper. Het Hy nie gelyk soos Jehova toe Hy daar gestaan en kyk het na die menigte, en hierdie brood gebreek en dit uitgedeel het nie? Ek het gedink aan die Bybelstories wat my ma altyd vir my gelees het oor Jehova wat Sy mense brood uit die Hemele gevoer het. En vandag bly Jehova dieselfde, want vandag, broers, het ons Jehova brood sien breek en dit weer vir Sy mense gee en vermeerder, Hy moet sekerlik wees wat Hy sê Hy is, die Seun van God."

62 En soos die jong Johannes toe 'n oomblik gestop is deur Simon Petrus wat altyd iets moes sê, en hy het gesê: "Wel, terwyl ons 'n oomblik rus, wil ek graag my persoonlike getuienis gee, omdat Johannes syne gegee het. Ek onthou toe Andréas, my broer, wat hier sit, altyd vir my gesê het: 'Jy moet afgaan en 'n profeet hoor preek, wat voorspel dat daar 'n Messias kom.'

"En ek het gesê: 'Watter soort klere dra hy?'

"Gesê: 'Hy het 'n skaapvel om hom gehad, uit die wildernis gekom, hy's die Elía wat gesê is wat sou kom, glo ek.'

63 "Toe eendag het hy teruggekom en my vertel van 'n ander Man wat afgekom het, 'n jong Kêrel van omtrent sy ouderdom, en alles van een of ander soort geheimsinnige Lig bo-oor Hom, of iets." En gesê: "Hierdie profeet het gesê hy het 'n Stem hoor sê: 'Dit is My geliefde Seun.' Hoe weet ek wat om te glo wat daardie profeet gesê het? Ek het hom nooit gehoor nie, weet niks van hom af nie, so ek het net die hele ding afgemaak as 'n klomp onsin, en ek het gedink my broer het aan die diep kant afgegaan.

64 "Maar eendag het Hy afgekom na die see toe, en ek het gedink: 'Wel, ek glo ek sal soontoe loop, dis nie te ver uit my pad nie, ek sal naderstap en kyk wat hierdie Kêrel te sê het.' Sodra ek daar nadergestap het, het ek geweet daar was iets anders aan daardie Man. En ek het een ding gesê voor ek soontoe gegaan het, ek onthou my ou pappa, hy was 'n ou groot Fariseër soos al julle broers weet, en ek onthou toe ons altyd visgevang het hier in die see, was hy baie godsdienstig. Ek onthou voor hy uitgegaan het, sou hy sê: 'Simon, my seuntjie, laat ons kniel en vir Jehova vra, Wie al die vis besit, dat Hy ons nette sal vul vanaand met visse, want ek het dit nodig, ons het brood by die huis nodig. En ek . . . ons het 'n paar visse nodig, so kom ons bid, Simon.' Hoe ons altyd op die oewer gekniel en gebid het!

65 "Ek het hom dopgehou toe sy hare begin uitval, grys geword het. Uiteindelik, eendag het hy gaan sit op die kant van die boot

na ’n groot vangs, wat God gebed beantwoord het, en hy het gesê: ‘Simon, my seuntjie, Pappa word oud, en ek moet my oproep beantwoord, binnekort, na Bo. Ek het altyd gebid, Simon, dat ek sou lewe om die dag te sien wanneer die Messias verskyn het. Nou, Simon, daar’s geen twyfel dat daar baie verwarring in daardie dag sal wees nie, daar sal allerhande vals goed opstaan net voor daardie komende Messias. Maar ek wil hê jy moet wees, ek glo jy sal dit sien, Simon, so ek—ek wil hê jy moet seker wees van een ding, Simon, moet dit nooit aanvaar tensy dit die teken van die Messias het nie. Maak seker dat daardie Messiaanse teken Skriftuurlik is. En nou hier, Simon, hier is hoe jy Hom gaan ken . . . ’

“En ek onthou hoe ek op sy knie gesit en in sy oë gekyk het soos hulle gebewe en gevul het met trane. ‘Pappa, hoe sal Hy lyk?’

66 “‘Hy sal net ’n gewone Man wees, en miskien nie geliefd onder ons mense nie. “Hy sal ’n Man van droefheid wees, droefheid ken.” Hy sal verwerp en verag word, maar, Simon, daar sal baie manne wees wat verwerp en verag word, maar hierdie Man sal ’n Profeet wees, want Moses het gesê: “Die Here julle God sal ’n Profeet oprig soos wat ek is.”’”

67 Moses was ’n volmaakte tipe van Christus, wetgewer, priester, verlosser, sovoorts, soos die Bybel van hom sê.

68 “En Moses het gesê dat God vir hom gesê het dat daar ’n Profeet soos hy sou opstaan, en hierdie sal meer as ’n profeet wees, Hy sal ’n God-Profeet wees. En jy sal Hom egter onthou, Moses, soos al ons mense het, of, jy sal Hom onthou, Simon, soos al ons mense wel weet profete is van God gestuur. En profete het . . . hy is ’n openbaarder van die Goddelike Woord, hy is ’n Goddelike uitlêer van die Goddelike Woord. En as hierdie profeet iets sê, en God ondersteun dit, dan is daardie profeet van God, want as hy iets sê, is dit die Woord van God, ’n belofte van God, en God draai om deur daardie profeet en ondersteun dit, en sê dis waar, dan moet jy na hom luister, want dis ons opdrag, Simon. Moenie mislei word nie, Simon. Maar nou, Simon, wanneer jy daardie dinge sien gebeur, hou hierdie Profeet dop.’

69 “En daardie dag het dit alles skynbaar teruggeflits vir my, want my pa was al vir jare dood. Maar toe ek daar nadergestap het, begin kyk het na daardie Kêreltjie, geen voorkoms wat ons sou begeer nie, ons het, as’t ware, ons gesig verberg, ek het gedink: ‘Dis net presies wat Pa vir my gesê het die Skrif van Hom gesê het. Niks anders as enige ander man nie, het net soos ander mans gelyk.’

70 “Maar toe ek in Sy teenwoordigheid ingestap het, het Hy reguit na my gekyk, en gesê: ‘Jou naam is Simon, en jou vader se naam is Jona.’ Nie net het Hy my geken nie, maar Hy het daardie goddelike, ou vader van my geken wat oorlede is.

71 "Ek het aan Sy voete geval, gesê: 'U is die Messias!'" Gesê: "Dit het dit vir my afgehandel, want ek weet my pappa het my die Skrifte geleer, dat dit die teken van die Messias sou wees."

72 Dit moes Filippus gewees het omtrent daardie tyd wat gesê het: "Ja, Simon, ek het gestaan, dit gesien. Weet julle wat het ek gedoen? Ek het om die heuwel gegaan om ons broer Natánael te kry, wat hierbo sit. Natánael, onthou dit?"

"O, ja, Filippus, ek onthou dit goed."

73 "Ek onthou ek het om die berg gegaan, en ek—ek het Natánael gevind wat onder 'n boom bid. En ek het gesê: 'Natánael, kom, kyk Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, die seun van Josef!' En onthou jy wat jy gesê het, Natánael?"

74 "Wel onthou ek, ek het gesê: "Kan daar enigiets goeds uit Násaret kom onder daardie holy-rollers?'" Of wat julle dit ook al wil noem. Daar enige Messias sou kom, sou Hy hier opkom na Kajafas die hoëpriester, Hy sou Homself bekend maak aan ons organisasie. So daar kon nie enigiets wees wat daar onder daarin opgestaan het, enige "seun van Josef," of sovoorts, kon ooit enige Messias wees nie.' En onthou julle? Ek onthou wat jy ook vir my gesê het, Filippus."

"Wat was dit?"

"Gesê: 'Kom kyk.'"

75 Dis die beste idee, moenie by die huis bly en kritiseer nie, kom vind uit vir jouself. Kom, ondersoek dit deur die Woord, kyk of dit reg is. Dis goeie teologie. Kom, kyk vir jouself.

Gesê: "Ja, ek onthou dit."

En gesê: "Onthou jy waarvan ons op pad gepraat het, Natánael?" Die boot het nou oor die klein brandertjies gewieg, soos dit oor die see gaan.

76 "Ja, ek onthou." Hulle het almal hulle persoonlike getuienis gegee oor Jesus, wat hulle van Hom gedink het. En so, het hy gesê: "Ja, ek onthou goed. Ja, ek onthou, ons het van jou gepraat, Simon, ja. Ek. . . Hy het gesê: 'Onthou jy daardie ou visserman wat nie eens sy eie naam op 'n kwitansie vir jou vis kon teken nie?'"

"'Ja.'"

77 "Gesê: 'Hy het vir hom gesê wie hy was en wie sy vader was. Nou, jy weet Natánael, dat jy 'n geleerde is, en jy weet die Bybel sê dat die Messias 'n God-Profeet sal wees, ons Hom sou uitken aan die teken van 'n profeet.'"

"Ja, ek onthou dit. En ek onthou jy het vir my gesê Hy mag vir my sê wie ek was wanneer ek voor Hom kom. O, ek onthou dit."

"Wel nou, Natánael, wil jy verder getuig?"

"Ek wil beslis, broers. O, goeiste!" As jy Jesus ooit ontmoet het, wil jy graag daarvan vertel.

78 Ek kan hom sien opstaan in die bootjie, en sê: "Broers, ek het soontoe geloop, ek het gewonder wat daardie Man. . . Ek het Filippus van Hom hoor praat, en ek het gedink: 'Wel, sekerlik sou Filippus my niks verkeerds vertel nie.' Ek het daar gekom, 'n klein groepie mense gesien," o, miskien soos wat hier is vanaand, of iets, gesê: "'n klein groepie mense wat daar staan," miskien was hy in 'n gebedsry, "en toe ek voor Hom opgestaan het, het Hy na my gekyk, en Hy het gesê: 'Daar is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!'

79 "En ek het gedink: 'Nou, dis vreemd, ek het Hom nog nooit tevore gesien nie, en Hy het my nog nooit tevore gesien nie. So hoe weet Hy dat ek 'n Israeliet is? Hoe weet Hy? Ek kan 'n Arabier wees, ek kan 'n Griek wees, wel, ons trek almal dieselfde aan, so hoe het Hy geweet ek was 'n Israeliet, en het geen bedrog gehad nie, ek was 'n—'n regverdige, eerlike man?' So ek het vir Hom gesê: 'Rabbi,' ek wou Hom nie verontagsaam, minag nie, so ek het gesê: 'Rabbi, hoe het U my ooit geken? U het my nog nooit gesien nie, en U ken my nie, hierdie is die eerste keer wat ons ontmoet het, so hoe het U my geken?'

"Hy het gesê: 'Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien.'"

80 "Ja," het Filippus gesê: "ek onthou wat jy gedoen het, jy het voor Sy voete geval, en gesê: 'Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel.'"

81 "Sê, onthou jy vir Rabbi Lavinski daar oorkant, wat hy gesê het? Hy het gesê: 'Nou, kyk, gemeente, moet julle nie daardie goed glo nie, dis Beëlsebub, dis die duiwel in daardie man, wat dit doen, hy's 'n fortuinverteller. Sien? Onthou jy wat Jesus vir hom gesê het? Hy het gesê: 'Ek vergewe jou daarvoor, maar eendag kom die Heilige Gees, en Dit sal dieselfde ding doen, en as julle 'n woord Daarteen spreek, sal dit julle nooit in hierdie wêreld vergewe word, of in die wêreld wat kom nie.' Onthou dit?"

"Ja, ja, onthou dit."

Moes Andréas gewees het, wat langs Petrus gesit het, toe, gesê het: "Kan ek getuig, broers?"

"Ja."

82 Gesê: "Ek wil namens die hele groep van ons praat." Gesê: "Toe, daardie dag, toe ons afgegaan het na Jérigo van Jerusalem af, afgegaan het na Jérigo, reguit teen die berg afgegaan het, maar Hy moes deur Samaria gaan, ons het altyd gewonder. Nou, ek onthou dat Hy daardie priesters daardie dag vertel het, dat Hy gesê het: 'Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so. So, ons het Hom daardie dag sien loop

deur ’n menigte van verlamdes, blindes, kreupeles, verdraaides, verdroogdes, en ’n man vind wat op ’n draagbaar gelê het, gesê: ‘Neem jou bed op en gaan in jou huis in.’ Die man het Hom gehoorsaam.

83 “Die priester het Hom ondervra, en Hy het gesê: ‘Ek doen niks totdat die Vader My wys nie.’ En Hy het geweet die man was in daardie toestand. Broer, dit het dit afgehandel, dat Hy was die. . . Hy het geweet, God het Hom gewys wat om te doen, gewys wie, waar die man was, geweet het hy was so vir agt-en-dertig jaar, hy was nie verlam nie, hy was ook nie kreupel nie, hy kon loop, gesê: ‘Wanneer ek afkom, loop iemand voor my in.’”

“Ja, ek onthou dit.”

84 “En, op een of ander manier, is Hy vreemd gelei; en ons almal weet dit. Ons het opgegaan na Samaria. En is dit nie vreemd nie? Toe ons net buitekant die stad gekom het daar by daardie put, het Hy gaan sit by hierdie put, en ons almal weggestuur.”

“Ja,” het broers gesê: “Ja, ek . . . wel, ons onthou dit, Andréas, baie goed.”

85 En gesê: “Toe ons afgegaan het in die stad, Johannes, dis waar jy afgewys het en die stad wou verbrand, jy weet, maar, want hulle wou ons nie iets gee om te eet nie. Maar ons het teruggekom, en julle weet toe ons weer opgekom het deur die bosse daar, was ons so verbaas toe ons ons Meester met ’n vrou sien praat het, ’n jong meisie, jong vrou, miskien Sy ouderdom. En julle onthou, sy het pas die waterpot opgetrek toe ons opgekom het, so, ons wou sien wat Hy sou doen. So, Hy het gesê: ‘Vrou, gee vir My water om te drink.’

86 “En vinnig het sy na Hom gekyk, en gesê: ‘Dis nie gebruiklik vir julle Jode om vir ons Samaritane sulke goed te vra nie, ons het het niks met mekaar te doen nie, ons het segregasie hier, Jy behoort nie so-iets soos daardie vir my te sê nie.’

87 “En Hy het gesê: ‘Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water vra om te drink, en Ek sou jou Waters gee wat jy nie hiernatoe kom om te skep nie.’

“‘Wel,’ het sy gesê: ‘Die put is diep, U het niks om mee te skep nie.’

“Onthou julle, broers, hoe ons almal onder daardie bos ingesluip en geluister het om te sien wat Hy sou sê?”

“Ja, ek onthou dit, reg agter die put daar.”

88 “En, Andréas, onthou jy, ek het jou kop probeer afdruk, oor die muur probeer loer? En so, ons het geluister om te sien wat Hy vir hierdie vrou sou sê. So, sy het nader aan Hom gekom, en sy het gesê: ‘Ons vaders aanbid in hierdie berg, U sê in Jerusalem.’

89 “Onthou die gesprek het ’n rukkie voortgegaan? En naderhand, het Hy haar reg in die gesig gekyk, en Hy het gesê: ‘Gaan, haal jou man, en kom hiernatoe.’

"Onthou jy wat sy gesê het? 'Ek het nie 'n man nie.'

90 "'O,' het ons gedink: 'nou, nou het iets Hom uitgevang, nou het Hy dit! Daardie vrou het gesê. . .' Nou, ons weet as sy 'n leuen sou vertel, en Hy sou ons God wees, ons Here, weet ons dat daardie vrou waarskynlik sou sterf, reg in haar spore." Dis reg. Om God se Woord reg in Sy gesig te betwis? "So ons het gewonder wat sou gebeur. Sy het gesê: 'Ek het nie 'n man nie.'

91 "Hy het gesê: 'Jy het die waarheid vertel.' So ons het gewonder wat gaan gebeur, toe hoor ons Hom weer opstaan, het gesê: 'Jy het vyf gehad, en die een met wie jy nou saamleef, is nie jou man nie, so jy het die waarheid vertel.'

"Onthou julle die kyk op daardie vrou se gesig? Haar hare het afgehang, haar groot, mooi oë het daar uitgekyk, sy het haar kop gekrap, sy het gesê: 'Meneer. . .'

"Nou, Johannes, bly stil, ek weet wat jy gesê het: 'Sy gaan sê Hy's Beëlsebub.'" Sien?

"Maar sy het gesê: 'Meneer, ek sien dat U 'n Profeet is.'"

92 Sy het meer van God geweet as wat die predikers weet, sy het gesê. . . in daardie toestand. O, ja, 'n oor-opgeleide, teologiese kweekskool-ondervinding neem jou weg van Hom, partymaal, verder as om op straat te wees.

93 "Nou, daar gesê: 'Ek sien dat U 'n profeet is. Ons Samaritane weet dat daar 'n Messias gaan kom, wat Christus genoem word, die Gesalfde, die Profeet waarvan Moses gepraat het, en ons weet wanneer Hy kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel, want dit sal die teken van 'n Messias wees, Hy sal 'n God-gestuurde Profeet wees. Ons weet dat Hy gaan kom.'

"Jesus het gesê: 'Ek is Hy.'" O, goeiste! "'Ek is Hy wat met jou praat.'

94 "En sy het weer gekyk, sy het daardie waterpot laat val, en die stad ingehardloop so hard as wat sy kon. Julle onthou ons— ons het soontoe gegaan, ons het gesê: 'Eet Meester, eet Meester'?

"Hy het gesê: 'Ek het brood om te eet waarvan julle nie weet nie.'

95 "En ons het afgegaan in die stad in, en hier kom die manne uit. En ons onthou daardie vrou wat afgegaan het in die straat, ons kon dit daar tot by daardie put hoor, al die manne rondom die markplein, sy het gesê: 'Kom, sien 'n Man! Kom, sien 'n Man Wat my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie? Is dit nie die teken van die Messias nie? Ja, kom sien die Man wat my vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Messias nie?

96 "En broers, julle onthou toe al daardie manne daar uitgekom het, en hulle het daardie vrou se getuienis geglo, en Hom aanvaar

as die Messias. O, ons het dit almal aanskou, so ons weet almal," hulle moes gesê het: "broers, dat ons *weet* dat Hy die Messias is.

97 "En Hy belowe nou vir ons om nie na enige Heidene te gaan nie, dit sal wees vir 'n ander eeu, maar te gaan, liewer, na die verlore skape van Israel. Sien? Nou, vreemd Hy het Homself bekend gemaak aan die Jode, Hy het Homself bekend gemaak aan die Samaritane, maar nie aan die Heiden nie. Hy sal dit miskien later doen, hulle soek nie na 'n Messias nie."

98 Nou, moes omtrent daardie tyd gewees het wat Satan bo-oor die heuwel gekyk het nadat dit donker geword het. Satan is bang vir lig, enige duiwel is bang vir lig. Dis reg. Enige kruipende, bose ding is bang vir lig.

99 Jy neem 'n wilde dier in die oerwoude van Afrika, of om daarbuite te jag, skakel net 'n lig aan, weg is hulle, hulle is bang vir die lig. Kry 'n ou nare kakkerlak, gooi 'n appelstronk neer iewers, wanneer dit donker is, sal hy kom en peusel, skakel net die lig aan en kyk hoe hy vir skuiling soek, sekerlik. Spinnekoppe, en alles, sal vlug, hulle is bang vir lig. Dis waarom mense bang is vir hierdie outydse, Heilige Gees dienste. Kinders van duisternis werk in duisternis, kinders van Lig wandel in Lig. "Julle is die Lig van die wêreld, 'n stad wat op 'n heuwel staan." Moet nou nie 'n deksel Daaroor sit nie. Sien?

100 Satan het soontoe gekyk toe dit donker geword het, gesê: "Wel, ek reken omtrent tyd vir my om al die nagklubs te begin besoek, en kantiene, alles." Gesê: "Ek wonder waar daardie dissipels en—en Jesus is." So hulle het gekyk, en toe hy en al sy demone gekyk het, daar was hulle buite op die see sonder Hom. Gesê: "Nou is ons kans! Hulle het vertrek sonder hom, nou kan ons by hulle uitkom."

101 Dis net waarna hy soek vir my en jou, om eenkeer sonder Jesus te vertrek. Ek sê dit met eerbied en respek: Ek's bevrees dis wat die Pinkstermense doen. Julle gaan agter groot geboue aan, en groot organisasies, en verenigings, en julle het Hom verlaat. Julle is so besig met die bou van programme, julle het die klein sendingstasietjie onder op die straat vergeet, en die ou tamboeryn, die kitaar; julle is bang vir tronkstraf, en dinge weer, sien. Daar's iets verkeerd, het sonder Hom vertrek, opgewerk geraak, programme, ensovoorts, en van Hom vergeet. Dis waarom ons susters hulle hare afknip, en hierdie ou, vuil kleertjies dra, en diakens word in die kerk geplaas. . .

102 Ek ken 'n Heiligheidskerk, 'n groot Pinksterkerk, een van die grootstes in die Verenigde State, en ek ken 'n vriend van my by daardie. . . 'n man wat na hierdie kerk toe gegaan het, het 'n vrou gekry, 'n jong meisie daarbinne wat hy liewer gehad het as wat hy sy vrou gehad het, en hy het 'n liewe, meisietjie gehad, en hy het sy vrou verlaat, met hierdie meisie van die kerk getrou, en hulle het hom daarna 'n diaken gemaak. Broer, ja, hy het vertrek

sonder Hom, dis al wat ek weet, broers. Ja. Omdat hy baie in die bordjie betaal het.

103 Mense begin te veel kyk na geld, en kleredrag, en mooi dinge, julle beter *op* kyk, beter wegkom van daardie goed, want, onthou, dis die leiding na Laodicéa, waarin die kerkeeu sal uitgaan. Maak God siek op Sy maag, Hy spoeg jou net uit Sy mond, het Hy gesê. Net soos Christene opgetree, Hy wil hê ware, wedergebore Christene moet met ware, egte geloof elke Woord glo wat God skryf. Nou, ek wil nie met daardie dinge begin nie, want ek hou julle te lank hier.

104 Nou let op, toe het Satan hulle daarbuite sonder Hom gesien, gesê: "Hier's ons kans om met hulle af te reken."

105 En dis wat hy gedoen het met die kerk. Ek is vandag gebel deur sommige van my borge oor 'n byeenkoms, hulle het my langafstand gebel vanmiddag, 'n groep Pinksterpredikers, nie Baptiste, Presbiteriaanse, Pinksterpredikers nie, en bely dat hulle nie in Goddelike genesing glo nie, en my nie in die stad wou hê nie, en nie 'n diens wou borg waar hulle vir die siekes bid nie. Pinksterpredikers! Jammerlik, is dit nie?

106 Ek het nog 'n oproep gehad, gesê, van 'n groep wat gesê het: "As jy 'n ander groep saam met jou op die platvorm laat sit, sal ons niks daarmee te doen hê nie."

107 Dis slegter daaraan toe as ooit. Wat is die probleem? Vertrek sonder Hom. Die liefde van God in ons hart dwing ons om uit te reik na elke denominasie, elke plek. Wanneer dit by 'n punt kom dat jy nie 'n teer liefde vir elke mens kan hê nie, het iets met jou gebeur. God het jou so liefgehad toe jy 'n sondaar was, 'n vreemdeling, weg van God, 'n vyand van die gemenebes van God, het Hy jou so liefgehad dat Hy Sy lewe vir jou gegee het, sekerlik.

108 Jy 'n gees in jou kry, jy's beter as iemand anders, dan—dan is jy erger as enigiemand anders waarvan ek weet. Ek gee nie om of jy net so korrek is in jou teologie nie, jou motiewe en doelwitte is verkeerd. Ek sou liewer wees—ek sou liewer verkeerd wees in my—in my teologie, as verkeerd wees in my hart. Dis reg. Gees van God woon in jou hart.

109 In die tuin van Eden het die mens sy—sy . . . hy het toegegee. Nou, in die tuin van Eden is daar 'n keuse gemaak met die man: Die duiwel het sy kop geneem, God het sy hart geneem. Dan stuur hy hom na 'n kweekskool toe, vries hom met 'n bietjie goeie teologie, en dehidreer hom daarbinne, en hy kom weer uit, sy kop so groot opgeblaas, te groot om 'n gewone hoed te dra. Dan kom hy uit met bitterheid in sy hart teenoor 'n medeburger van die Koninkryk? Dit is nie God nie. Reg.

110 Satan het hulle sien vertrek soos daardie, sonder God, en toe het hy gesê: "Nou laat ons van hulle ontslae raak."

111 En dis net die goeie manier om ook daarvan ontslae te raak. Broer, wanneer jy by 'n plek kom wat jy nie oor die heining kan strek, oor die straat kan kom, en assosieer, en 'n man 'n broer noem, net omdat daar een of ander haarbreedte verskil mag wees (Hoe weet jy jy's nie 'n bietjie anders in God se oë, een of ander ietsie nie.), en 'n broer wees nie? Wel, sekerlik! Broer, die altaar is jou plek, presies reg, kom reg met God. Ek sou nie daardie bose gees op my wou hê nie. Dis reg. Ek is jammer om te sien dat dit in Pinkstergroepe insluip, alle kante van hulle, ook, is van alle kante. Een, pot kan nie die ketel swart noem nie, want dis net ses van een, 'n halfdosyn van die ander, so hulle is aan beide kante.

112 Maar, o broer, moet nooit daardie bose ding oor julle manne laat kom nie. Nee, meneer, broer. Klou aan mekaar soos molasse op 'n koue oggend, klou net regtig, regtig aan mekaar, wees dik. Dis reg. Want. . . Ja.

Geseënd sy die band wat bind
Ons harte in Christelike liefde;
Die gemeenskap van geesgenote
Is soos dié van Bo.

Voor ons Vader se troon,
Stort ons ons onderlinge gebede uit; (Dis reg.)
Ons vrese, ons hoop, ons doelwitte is een,
Ons troos en ons sorge.

113 Dis reg. Dis hoe ons behoort te wees, ja, beslis, nie gulsig, selfsugtig, onverskillig, goddeloos nie. Die vrugte van die Gees is liefde, vreugde, lankmoedigheid, nederigheid, sagmoedigheid, geloof, geduld. Dis reg, dis die vrugte van die Gees.

114 Julle ken 'n boom, as 'n boom wildevyebas daaraan het en daar appels aan groei, wat is dit? Dis 'n appelboom, die lewe in die boom bring appels voort. Maak nie saak wat jou teologie is, reg of verkeerd nie, as jy die verkeerde soort vrugte dra, is jy die verkeerde soort boom, broer. Jesus het gesê: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken," nie aan hulle boom nie, maar aan hulle vrugte. Dis reg. Waar.

115 Nou, hy het hulle sonder Jesus gesien. En toe het hy sy giftige asem op hulle begin blaas, en 'n groot storm het afgekom, en die bootjie was net op die punt om om te dop, heen-en-weer, op-en-af, heen-en-weer. Die bootjie het vol water geraak, die maspaal het omgewaai, die roeispane het gebreek. Dis omtrent die kreupeltoestand waarin ons beland. Dis reg—dis reg.

116 Hy het sy asem begin blaas, gesê: "*Whew!* Jy behoort aan ons organisasie, of jy behoort nie aan enigiets nie. Ons is dié wat reg is, die res van hulle is verkeerd. Skei jou af." O, goeiste! "Ja, dae van wonderwerke is verby. O, daardie Goddelike genesing, daar's niks daaraan nie. Uh, daar's nie so-iets soos *dit*, *dat*, of die *ander* nie." O, goeiste! Sien, dis die giftige asem van Satan: "Hê niks met hom te doen nie, hy glo nie soos ons nie."

117 Daar's net een geloof, dis die geloof van God. Dis reg. God se geloof, jou menslike geloof gaan nie baie ver nie, maar God se geloof in jou:

> Laat jou almal liefhê,
> Laat my almal liefhê.

118 Dis reg. Dis wat God se geloof aan jou doen, laat jou dieselfde gevoel hê wat Jesus gehad het, want die Gees van Christus is in jou.

119 Alle hoop was weg, hulle was net omtrent gereed om te sink. O, hulle het omtrent mekaar vasgehou, en gesê: "Waarom het ons vertrek sonder Hom? Waarom het ons Hom nie verplig om saam met ons te gaan nie?"

120 Maar weet julle wat? Hy doen dinge soos daardie partymaal, net te kyk wat ons sal doen. Ek dink Hy het dit toe gedoen. In plaas van om hulle heeltemal te verlaat, weet julle wat het Hy gedoen? Hy het geweet dit sou gebeur. Hy weet hierdie ding net nou, wat nou aangaan, sou gebeur. Maar weet julle wat Hy gedoen het? Hy het die hoogste heuwel geklim wat daar in Palestina was, bo-op die heuwel gekom, sodat Hy die heelpad oor die oseaan kon sien om hulle dop te hou. O!

121 Toe Hy op Gólgota gesterf het, het Hy die heuwel van Gólgota geklim totdat Hy aanhou klim het op daardie Paasoggend, totdat Hy verby die maan, sterre, son geklim het, totdat Hy kon sien van Ewigheid tot Ewigheid. Sy oog is op die mossie, en ek weet Hy hou hierdie diens dop vanaand. Hy wil kyk wat ons sal doen.

122 Alle hoop was weg, hulle het gedink alles was verby, hulle sou verdrink. En toe die einste kritieke oomblik, toe Hy hulle dopgehou het, en hier het Hy na hulle aangestap gekom op die onstuimige see. En nou, die jammerlike fout wat hulle gemaak het, wil ek ter afsluiting sê: is dieselfde jammerlike fout wat die kerk vandag maak, hulle was bang vir Hom. Hulle het gedink Hy was 'n spook, 'n gees, iets spookagtigs, fortuinvertellery, en duiwels, dis wat hulle gedink het, hulle het begin bewe.

123 Maar luister na daardie vertroostende Woord: "Moenie vrees nie; hou goeie moed; dit is Ek."

124 "Dit is Ek!" Die enigste Ding wat hulle kon help, die enigste Hulp wat daar was om gehelp te word, en hulle was bang Daarvoor.

125 En vandag, die enigste ding wat die grense sal afbreek, die enigste ding wat ons kan saamsmelt as broers en Christene, die enigste ding wat ons weer bymekaar kan bring, is die Gees van God, of, die liefde van God, wat uitgestort is in ons harte, 'n boodskap van genade van God dat ons nie verdeeld is nie, ons almal een Liggaam is. God genees hulle net dieselfde as wat hulle is . . . wat hulle ook al is; ons is nie verdeeld nie.

126 Hulle sien die Gees van God wat deur Christus Self belowe is. In die laaste dae het Hy gesê: “Soos dit was in Sodom,” toe daardie Engel gestuur is deur God se Gees, gemanifesteer in vlees, die vleis van ’n kalf geëet, die melk van die koei geëet, karringmelk gedrink het, soet melk, wat dit ook al was, botter op mieliebrood geëet het, daar gesit en eet het soos ’n man, Sy rug gedraai gehad het na die tent, ’n Vreemdeling, was nog nooit tevore daarrond nie, Abraham het Hom nog nooit gesien nie. Sover Abraham geweet het, het Hy hom nog nooit gesien nie. En Hy het gesê: “Abraham, waar is jou vrou, Sara?”

127 O! Hoe het Hy geweet hy was getroud? Hoe het Hy geweet hy het ’n vrou? En hoe het Hy geweet sy naam was Sara?

128 Ek sou my voorstel Abraham het gesê: “*My leiding was reg!*” Gesê: “Sy is in die tent agter u.”

129 Gesê: “Abraham, Ek gaan My belofte aan jou vervul.” Let op, nie ’n Engel nie, nie ’n man nie, maar “Ek, gaan vervul *My*,” (Wat ’n belofte!) “wat Ek jou belowe het.”

130 O, goeiste! Kan julle nie sien dit was God nie? Abraham het gesê dit was God, hy het Hom Elohim genoem, Here God, Skepper. *El, Elah, Elohim* beteken “die Algenoegsame en die Self-bestaande Een.” Amen. Hy was die Selfbestaande Een, Elohim, gemanifesteer in ’n liggaam van vlees, wat geëet en gedrink het soos ’n man, wat geweet het hy was Abraham.

131 Dieselfde God is gemanifesteer, en het gesê: “Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona. Ek het jou gesien toe jy onder die vyeboom was.” El, Elah, Elohim. Sien dit?

132 En in die laaste dae, het Hy gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens.” Moenie bang wees vir God nie, Dis die enigste ding wat jou kan help.

“Sal Dit ons Metodiste help?”

Ja.

“Ons Baptiste help?”

Ja.

“Ons Eenheid help?”

Ja.

“Tweeheid?”

Ja.

“Drieheid?”

Ja.

“Vierheid? Vyfheid?”

133 Ek gee nie om wat julle is nie, Dis hulp vir julle almal, moenie bang wees Daarvoor nie. God se Bybelboodskap aan elkeen van

julle: “Wie ook al wil, laat hom kom en vrylik drink uit die fonteine van die Water van die Lewe.”

134 “Moenie vrees nie; dit is Ek,” het Jesus gesê. “En *Ek* sal met julle wees,” *Ek*, daardie voornaamwoord weer, persoonlike voornaamwoord, “Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld.” Amen. “Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.”

135 Toe Hy was, gister in Sy dag was Hy ’n Vuurkolom. Hy is gemanifesteer in vlees, het gesê: “Ek kom van God af, en gaan na God toe.”

136 ’n Paar dae later, na Sy opstanding, het Saul, besig om groot dreigemente uit te blaas, afgegaan na Damaskus, ’n Lig, ’n Vuurkolom het hom neergefel, hy het gesê: “Wie is U?”

Hy het gesê: “Ek is Jesus.”

Petrus was in die tronk, die Vuurkolom het by die venster ingekom. Petrus het gedink: “Ek droom nou.”

137 Hy het gesê: “Komaan, volg My.” Die hekke het vanself oopgegaan, reg by die wagte verbygegaan, hy het nie besef dit was God totdat hy aan die buitekant was nie. Amen. Ek het Hom lief, het julle nie?

138 Laat ons, my tyd is nou vyf minute verby, kom ons sing net hierdie liedjie vir Hom, al julle mense, almal. “Ek het Hom lief, ek het Hom lief omdat Hy my eerste liefgehad het.”

139 Ons Hemelse Vader, ons dank U vir U Woord, U Woord is waar. “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord is voor ons gemanifesteer in vlees.” In die Boek van Hebreërs het dit gesê: “Die Woord van God,” Christus, natuurlik, “is kragtiger en skerper as enige tweesnydende swaard, wat deurdring tot die skeiding van die been en die murg, en selfs ’n Onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die verstand.” O God, wees ons genadig! Skenk dit, Vader.

140 Maak Uself bekend vanaand in menslike vlees deur dieselfde dinge te doen wat U destyds daar gedoen het, dat hulle mag weet, en wanneer ons by die Oordeelsbank staan, daar geen verskoning sal wees nie. Vader, neem U oogsalf van die Gees vanaand, en maak die mense se oë oop, dat hulle mag sien dat dit U is, dat dit U Gees is, U nie dood is nie, U vir ewig lewe. Mag baie van die mense, selfs by die . . . soos die vrou Sy kleed aangeraak het, mag hulle genadiglik genees word, want ons vra dit, in Sy Naam. Amen.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En gekoop my . . . [Leë kol op band—Red.]
. . . Gólgota’s boom.

141 Baie liefdevol nou. Het julle Hom lief, Hom regtig lief? Laat julle almal liefhê, nie waar nie? Goed nou, terwyl ons weer saggies en teer vir Hom sing, laat ons almal handskud met net iemand, stil, reg langs ons.

> Ek. . .
> Omdat Hy eers. . .
> . . . my verlossing gekoop het
> . . . Gólgota's boom.

142 Nou laat ons net aanbid met ons hoofde gebuig, stil. Sê, neurie dit nou. Dink net hoe goed Hy vir jou is. [Leë kol op band—Red.] O God!

143 Dink nou net in jou hart, lê jou hand oorkant op Gólgota, "O sterwende Lam, U kosbare Bloed sal nooit sy krag verloor nie." ['n Broer praat met Broer Branham—Red.] (Hoe sê? Wat? O, miskien, ja, miskien kan ek.)

Waarom het jy Hom lief? Dink net, hoekom dink jy?

> Omdat Hy eers. . .
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's boom.

144 Vader, ons dank U nou vir hierdie lieflike gemeenskap. O, hoe ons dit liefhet, Here! Baai net in die Fontein, baai onsself in die skoonheid van Sy geregtigheid, en heiligheid, en Sy krag. Ons sondes is heeltemal weg, die Bloed van Jesus Christus, God se Seun, reinig ons daarvan. Ons maak gereed om nou in die Troon in te kom, Here, om gunste te vra.

145 U het 'n groep siek kinders hier, Vader, hulle het gekom, vanaand, omdat hulle in U glo. En ek het gekom om die Boodskap vir hulle te bring. O God, party van hierdie mense hierbinne sal dadelik sterf as U hulle nie help nie. Ons geliefde geneeshere van die aarde hier het sommige van hulle opgegee, sonder twyfel. Party van hulle is kreupel, en blind, en iets wat die medici nie weet wat om aan te doen nie. Vader, U is die Skepper.

146 Dawid het, eenkeer, soos ons aangehaal het, het hy na sy vader se skape omgesien, God, laat ek net sy plek inneem vanaand, om om te sien na Vader se skape. Eendag het 'n leeu, 'n vyand ingekom, een van die skape gegryp, en uitgehardloop, 'n lam, en hy het niks behalwe 'n, net 'n slingervelletjie gehad nie, maar hy het agter die leeu aangegaan, hy het U vertrou, hy het die leeu doodgemaak, die lam teruggebring.

147 Vader, daar's baie van hulle hier vanaand siek en beproef, dat die mediese wetenskap oorbluf is, hulle weet nie wat om te doen nie. Hulle het hiernatoe gekom vanaand, hulle is U skape, ek neem hierdie slingervelletjie van gebed, en ek kom agter hulle aan, Here. Gee ons krag van geloof om daardie leeu dood te maak, daardie duiwel, daardie kanker, daardie duiwel wat hulle kreupel gemaak het, of wat dit ook al is, dat ons hulle mag

terugbring na die skaapkraal vir U, want ons Vader wil nie Sy skape verloor nie.

148 Vergewe ons ongeloof, Here, en steek ons siele aan die brand met U Gees. Ons besef dat genesing alreeds vir ons gekoop is, want "Ter wille van ons oortredinge *is* Hy deurboor, en deur Sy wonde *is* ons," verlede tyd: "genees."

149 Nou, skenk, Here, dat U vanaand in hierdie diens sal kom, en iets sal doen wat U gedoen het net soos U het toe U hier op aarde was, want U het belowe dit sou in hierdie dag gedoen word.

150 En wanneer ons die diens verlaat vanaand, mag ons voel soos Kléopas en hulle wat van Emmaüs af gekom het, toe U iets daar gedoen het net soos U het voor U kruisiging, hulle het geweet dit was dieselfde Jesus, Hy opgestaan en gemaak het net soos Hy het voor Sy kruisiging. Lighartig het hulle gehardloop en vir almal gesê: "Waarlik, die Here het opgestaan uit die dood!" En hulle het gesê: "Was ons harte nie brandende in ons toe Hy met ons gepraat het nie?"

151 Ek bid, Vader, dat hulle nie bang sal wees, vanaand, terwyl U besig is om met hulle te praat in hulle gees nie. Of mag hulle besef dat daardie stil klein Stemmetjie wat die aandag van die profeet getrek het, die magtige rukwind het oor die grot gegaan, dit het die profeet nie te veel geraak nie, die donderweer en die weerlig, die bloed en olie, ensovoorts, alles het uitgestort, maar dit het nie die profeet aangetrek nie, maar toe daardie stil klein Stemmetjie gepraat het, toe het die profeet sy gesig versluier en uitgekom, het God met hom gepraat.

152 God, laat ons ons gesig versluier vanaand, en uitstap, hoor van U. Mag ons nie bang wees nie, mag ons onsself versluier met die Woord van God, uitstap op Sy belofte nou, daardie stil klein Stemmetjie van die belofte deur die Woord, en U hierdie dinge sien doen wat ons vanaand vra. Ons vertrou dit nou alles toe aan U, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Ek wil net nou hiervoor bid.

153 Here Jesus, U het dit belowe. Eendag, is dit geskryf deur 'n skrywer, dat die kinders van Israel op hulle pad was na die beloofde land, en die Skelfsee het in hulle pad gekom, reg op hulle bestemde pad, het die Skelfsee hulle weggehou van die beloofde land, en die skrywer het gesê dat God afgekyk het deur daardie Vuurkolom met kwaai oë, en die Skelfsee bang geword, teruggerol, en die kinders van Israel aangegaan het na die beloofde land.

154 Nou, Vader, die belofte is dat U ons sal genees, dat U ons genees het, en twyfel is in die pad, bygelowe, allerhande probleme, mag God nou nie net deur die Vuurkolom kyk vanaand nie, maar deur die Bloed van Sy Eie Seun.

155 Mag daardie demone wat die mense wat siek is, vashou, wat hierdie sakdoeke ingestuur het, wanneer hierdie sakdoeke van tekens op die mense gelê word, mag daardie duiwel hulle laat los, en hulle oorgaan in daardie beloofde land van goeie gesondheid.

156 Skenk dit, Here, dis in die bestemde pad. Ons stuur hierdie sakdoeke, in Jesus' Naam, vir daardie doel, mag hulle herstel word na die belofte wat God hulle gegee het, en die belofte: "Bo alle dinge, wil Ek hê, wil hê dat julle goeie gesondheid sal hê," sodat hulle God kan dien. Amen.

Diegene aan wie hulle behoort, mag hulle kry na die diens.

157 Ek weet nie hoe ons 'n gebedsry hier gaan oplyn nie, die ry, die mure is vol. Hoeveel gebedskaartjies het julle almal uitgegee? Vyftig? Wat was hulle? A's, B's, of. . .? C's? Kom ons kyk wat ons kan doen. Is daar plek vir 'n ry tussen julle almal en die muur daar, broers? Kan 'n ry. . .? Julle sal nie omgee nie? Dis alles reg. Nee, moenie, moenie uit julle pad uitgaan nie, ons sal maak. . . ons wil hê julle moet net hier staan. [Leë kol op band—Red.]

158 . . .verskil of ek vir julle bid of nie, dit het nie veel daarmee te doen nie, dis nie my hande nie, dis Sy hande. Sien? Sien? Dis waarom ek daardie tye het. . .Nou, onthou, as daar enigiets in die wêreld was wat ek kon doen om julle te help, sou ek dit doen. Maar daar's niks wat ek kan doen om julle te genees nie, net vir julle 'n boodskap te vertel dat Christus julle alreeds genees het. Hoeveel glo dis die waarheid? Sien? Sien? Hy. . .Hoeveel weet dat elke sonde in die wêreld vergewe is toe Jesus Christus aan die kruis gesterf het? Goed. Wat doen jy dan wanneer jy die Woord hoor? Jy aanvaar dit. Dis reg. En dan, as jy dit glo, is jy. . .is jy gered.

159 Hoeveel weet dan dat, toe Jesus aan die kruis gesterf het, ons deur Sy wonde genees is? Hy het elke siek persoon genees. Sekerlik. Wat sou enigiemand dan kon doen? As jy alreeds uit die pandjieswinkel gehaal is, as 'n kêrel daar staan met 'n aflossingskaartjie, die enigste ding wat jy hoef te doen, is om dit te ontvang. Sien? Dis net dit te neem, jy's vry, jy hoef nie te. . . ['n Broer praat met Broer Branham—Red.] (Hoe sê? Ek het geroep tot vyf-en-twintig. Het almal van hulle in gekry, goed.)

160 Nou, nou, in hierdie gebedsry, enigste ding wat ek gaan doen, is bid vir die siekes. Sien? Nou, hoeveel weet dit was hier in toekomstige dienste, wat weet dat die Heilige Gees wat belowe het in die laaste dae dat die Boodskap sou wees soos dit was in die dae van Sodom, en Jesus Christus *is* dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, en 'n belofte gemaak het dat Hy hierdie dinge sou doen in die. . .hoeveel Bybellesers weet dit, Hy het dit belowe? Goed.

161 Glo julle dat ons aan die einde van die Heidense eeu is, soos dit was aan die einde van die Joodse eeu, en die Samaritaanse eeu? Nou, Jesus het Homself aan hulle bekendgemaak as die

Messias deur 'n Messiaanse teken. Is dit reg? Weet enigiemand dit? Hoeveel weet dat Hy die Messiasteken gehad het? Sekerlik, sekerlik het Hy. Hy het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My nie glo nie."

162 Die vrou by die put het gesê: "Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy ons dit vertel." Sien? En so, om die geheime van hulle hart te ken, om net dieselfde ding te doen wat Hy altyd gedoen het.

163 En hoeveel weet dan dat Hy dit nie voor Heidene gedoen het nie? Sekerlik. Hoeveel weet Hy het belowe Hy *sou* dit doen aan die eindtyd? Sekerlik, Hy sou, sekerlik. Goed. Hoekom? Wanneer God op die toneel geroep word. . . Nou, luister julle Bybelstudente, luister hierna, plaas julle geloof in die Woord van God, want wanneer God ooit op die toneel geroep word om 'n besluit te neem, kan Hy nie enige ander besluit neem, as wat Hy het om by Sy eerste besluit te bly nie. Hoeveel weet dit? Want Hy's oneindig, elke besluit is volmaak, Hy hoef nie twee besluite te maak nie. As Hy 'n ander besluit gemaak het, dan was Sy eerste besluit verkeerd, as Hy dit verander. Daarom, wanneer God enigiets in die Bybel doen, moet Hy dit weer doen, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy dit die eerste keer gedoen het.

164 So as Hy Homself bekendgemaak het as die Messias deur die teken van die Messias, 'n profeet Messias, toe aan die Jode, aan die Samaritane, en dit aan die Heidene belowe het, moet Hy dieselfde ding doen.

165 Nou, hoeveel het dit sien gebeur? Laat ons julle hande sien sodat ek weet. Goed. O, ek reken almal. Hoeveel het dit nooit sien gebeur nie? Laat ons julle hande sien. Dit nog nooit gesien nie, steek op, God nog nooit so-iets sien doen, wat op die platvorm staan nie? Of was nooit tevore by een van hierdie dienste nie, nooit die teken van die Messiaanse teken gesien nie? Laat ons julle hande sien opgaan, dit nog nooit gesien nie. Net 'n paar, ja, 'n paar nuwelinge aan die agterkant. Goed.

166 ['n Broer praat met Broer Branham—Red.] (Hoe sê? Hoe sê? Ja, net binne 'n oomblik.) Goed, hulle dink hulle kan die ander oplyn. Ses-en-twintig. Gebedskaartjie C, ses-en-twintig. Sewe-en-twintig, agt-en-twintig, nege-en-twintig, dertig, dertig, een-en-dertig.

167 (Sê, is daar Spaanssprekende mense hier vanaand? Praat hierdie mense Spaans?) Ek weet nie wat dit mag. . . Daar's vier, vyf, ses kaartjies wat kort, wat dit Spaanssprekend kan wees.

168 Goed, dertig, een-en-dertig, een-en-dertig. Goed, twee-en-dertig. Dis reg. Drie-en-dertig. Kom reguit hiernatoe. Drie-en-dertig, vier-en-dertig, vyf-en-dertig, ses-en-dertig, sewe-en-dertig, agt-en-dertig. Daar kom ons. Nege-en-dertig, nege-en-dertig. Reg hiernatoe, hierdie kant toe gekom. Nege-en-dertig, veertig, een-en-veertig, twee-, drie-, vier-. Een-en-veertig, -

twee-, drie-, vier-. Goed, agter aan die agterkant, ja. Vier-en-veertig, vyf-en-veertig, ses-en-veertig, sewe-en-veertig, agt-en-veertig. Ek het nie agt-en-veertig gesien nie. Agt-en-veertig, nege-en-veertig, nege-en-veertig. Nege-en-veertig, ek het dit nie gesien nie. Gebedskaartjie C, nege-en-veertig. Goed. C, vyftig. Wie het gebedskaartjie C, vyftig? Goed. Nou kry ons hulle opgelyn. Nou, nou, dis al die gebedskaartjies.

169 Nou . . . ['n Broer sê: "Hierdie vrou hier het hulp nodig, Broer Branham."—Red.] Goed, wanneer die tyd kom, wanneer die tyd kom, sal hulle die dame help. Ek sê julle, wanneer die tyd kom vir my om vir haar te bid, sal ek net soontoe loop en vir haar bid, jy sit net daar by die altaar. Wat is haar nommer? Agt-en-veertig. Goed, herinner my nou, Broer Jack, die tyd wanneer agt-en-veertig kom, gaan ek af, bid vir die dame. Goed.

170 Nou, nou, die res van julle hierbinne wat nie 'n gebedskaartjies het nie, wat al die gebedskaartjies is in die ry, nou, nou, wat wil hê Jesus moet julle genees, steek julle hande op, nie gebedskaartjies het nie. Goed.

171 Nou, wil ek 'n Skrif vir julle aanhaal. Daar was 'n vrou, ons gaan, gaan net sê, eenkeer, 'n vrou wat nie 'n gebedskaartjie in die Bybel gehad het nie, en sy het gesê: "Ek glo daardie Man, en as ek net die soom van Sy kleed kon aanraak, sal ek gesond gemaak word." Ken julle die storie? Goed. Wat het gebeur? Sy het deur die skare gedruk, totdat sy die soom van Sy kleed aangeraak het.

172 Nou, het enigiemand ooit 'n Palestynse kleed gesien? Dis baie los, dit het 'n onderkleed, wat die stof van die bene afhou. En 'n Palestynse kleed . . . as sy die soom van my jas aangeraak het, sou ek dit nie voel nie, as sy my broekspype *so* aangeraak het, of die soom van my broek, sou ek nie, wat van 'n groot kleed wat *so* uithang?

So, Jesus het omgedraai, gesê: "Wie het My aangeraak?"

En Petrus het Hom bestraf, gesê: "Here, almal van hulle raak aan U. Waarom sê U so-iets?"

Hy het gesê: "Maar Ek merk dat Ek swak geword het."

173 Krag het uitgegaan. Is dit reg? En wat het Hy gedoen? Hy het oor die gehoor gekyk totdat Hy die vroutjie gevind het, en vir haar gesê haar bloedvloeïng was verby, haar geloof het haar gered. Hoeveel weet dit?

174 Nou, sou julle Hom nie graag wou aanraak nie? Wel, is dit moontlik dat julle Hom kan aanraak? Is Hy nou 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Wel dan, as Hy dieselfde Hoëpriester is, hoe sou Hy nou optree? Soos Hy toe het. Is dit reg? Nou, raak julle Hom aan en kyk of Hy so optree, dis die manier om dit te doen. O, is dit nie wonderlik, wanneer jy God se Woord laat bewys nie?

175 Nou, as Hy hier gestaan het met hierdie pak aan, en jy het na Hom toe geloop en gesê: "O Meester, Here, O Meester, ek bid dat U my sal genees."

Weet jy wat Hy sou sê? "My kind, ek het dit alreeds gedoen. Glo jy My nie?"

Jy kan sê: "Here, laat my sien of U letsels in U hand het."

Enigiemand kon letsels in hulle hand hê.

"Laat my kyk of U letsels in U sy het."

176 Ek het hulle gekry waar 'n perd my afgegooi het. Wel, ek. . . Sekerlik. Nou, ek—ek het nog een *hier* oorkant waar ek met 'n geweer geskiet is, geweer afgegaan het toe ek 'n kind was, 'n ander kêrel se geweer het my aan die kant geskiet. Maar dit—dit beteken nie dat jy 'n Messias sou wees nie, nee. Maar die Lewe van Messias sou die Gees van Messias in Sy Kerk wees. Nou, maak nie saak hoeveel Hy dit op my sou sit nie, Hy moet dit op julle ook sit, want ons kan nie afsonderlik werk nie, ons moet saamwerk.

177 Jesus het in 'n plek ingegaan en gesê Hy is die Messias, en baie magtige werke kon Hy nie doen nie, as gevolg waarvan? Ongeloof. Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. As jy Hom nie glo nie, is daar geen manier vir Hom om te werk nie; as jy Hom sal glo, sal Hy reg in jou vlees inkom, die Messias sal. Amen. Hy's dieselfde God wat in die vlees is. Glo julle dit?

178 Nou, in hierdie gebedsry, julle almal wat in hierdie gebedsry is, hoeveel was in die gebedsrye, wat hier by ander dienste was en God gesien het hoe Hy die geheime openbaar, en dinge? Steek julle hande op, julle wat in die gebedsry is. Goed. Nou, as ek nie een woord vir julle sê nie, net bid, glo julle dat God dit sal doen? Glo julle dit? Sal julle dit glo, sonder om te sien? Ek—ek—ek weet wat julle voel, ek kan dit net voel. Sien? Ek weet dit.

179 Goed, julle daar buite sonder. . . Laat ons die onderskeidingsry *hier* buite hê, sonder gebedskaartjies. Diegene sonder gebedskaartjies die onderskeiding kry, en die, *hierdie* laat deurgaan sodat julle sal sien dat die Engel van die Here hier is.

180 Nou, as daardie Vuurkolom wat by was, in die brandende bos was, in Moses se tyd. . . Die Vuurkolom was in die brandende bos in die tyd van Moses toe Dit vlees geword het, hoeveel glo dit was Christus? Hy het gesê: "Voor Moses. . . voor Abraham was, IS EK." Sien? Goed. Nou, daardie Vuurkolom wat in die woestyn was, toe Dit vlees geword het, ons weet Dit het dit gedoen, het Dit nie? En nou, is Hy 'n Hoëpriester vanaand wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Goed. Jy moet net geloof hê en God glo, en God sal—sal dit vir jou gee.

181 Nou, elkeen van julle buig net julle hoof stil, en begin bid, elkeen van julle. Moenie ontsteld wees, histeries nie, maar glo net dat Jesus Christus hier is. As jy Hom nodig het, glo net.

182 O, hoe wonderlik! Die simpatieke Jesus! Nou, ek het oor Hom gepraat, Sy Woord gespreek, sal Hy nou Sy Woord vervul? Goed, dis al. (Het jou gebedsry, nie waar nie, Billy? Net 'n oomblik, net 'n oomblik.) Ek wil hê die onderskeiding moet *daar* buite wees. As God dit net nog een keer sal skenk!

183 Goed, lig julle hoofde op. Kyk na my, nou, net soos Petrus en Johannes by die Skone poort verbygegaan het, glo my, as Sy dienskneg. Hou jou siekte in jou gemoed, en sê: "God, ek ly aan *so-en-so*, wees my genadig." Almal van julle, moenie dink dat julle nie genees kan word nie, julle kan. Net so maklik vir Hom om jou te genees, as wat dit enigiemand anders is, hê net geloof.

184 Ek wens ek kon elkeen van julle genees, ek sou dit doen. Ek kan nie meer doen as net wat ek sien gebeur nie. Ek hou die Lig dop, Dit was hier net 'n sekonde gelede, Dit het beweeg en *hierdie* kant toe gegaan, en ek sien Dit nie nou nie, Dis weg van die platvorm af op hierdie tyd.

185 Ja, die dametjie daar met haar hand op haar mond, wat ly aan daardie galblaasprobleem, glo jy met jou hele hart, Jesus Christus maak jou gesond. Het meer geloof gehad as wat jy gedink het jy het.

"As julle kan glo, is alle dinge moontlik."

186 Broer wat net daar sit, moenie vrees nie, jy gaan reg wees. En as jy sal glo met jou hele hart, daardie man vir wie jy bid, op wie daardie perd geval het, hy sal wakker word, as jy dit sal glo. Glo jy dit? Glo jy dit? Goed, hê geloof, niks is onmoontlik nie.

187 Ek wil vir julle iets vra: Wat het hy aangeraak? Hy's veertig voet van my af. Wat het hy gedoen? Hy het die Hoëpriester aangeraak. Sy geloof het terugbeweeg, en ek het dit gevang. Amen. "As jy kan glo!"

Dink God sal jou genees van daardie spatare?

Was dit nie wonderlik nie?

188 Sustertjie, wat daar oorkant sit op die punt van die ry, jy wil hê God moet vir jou 'n baba gee, nie waar nie? Dametjie met 'n groen rok aan. Hê geloof in God, en jy sal jou seun omhels waarvoor jy gevra het.

189 Vra daardie mense. Ek ken nie daardie vrou nie, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie, sy's 'n vreemdeling vir my. As . . . Is ons vreemdelinge, dame, wie dit ook al daar was wat geroep is? As ons vreemdelinge vir mekaar is, steek jou hand op, ja, steek jou hand op sodat die mense sien. Wat het hulle aangeraak? Die Hoëpriester. Glo julle nou? Raak julle nou aan. Raak op dieselfde manier aan, ek daag julle uit, in Christus' Naam, om dit te doen.

Nou sal ons vir die siekes bid.

190 Dit jou getref? Glo jy dat ek Sy dienskneg is, met jou hele hart? Ek ken jou nie. Jy's 'n vreemdeling vir my, net sodat die mense kan sien of mense nie gebedskaartjies het nie, of gebedskaartjies het, dit nie saak maak nie. Nou, jy weet daar's een of ander soort salwing hier. Is dit reg? Jy weet dat dit—dit. . . Iets meer as 'n—as 'n—'n—'n man kos om so-iets te doen. Kos God, nie waar nie? Ja, dit doen dit beslis. Glo jy dat God vir my kan sê waarvoor jy hier staan? Wat sou. . .Jy weet Hy kan, dis goed. Goed. As jy dit sal glo. . .Ek sien jy's geskadu, ja, iets verskrikliks, en jy's geskadu.

191 En dis waarom ek rondgekyk het, die salwing wat op my was. Ek kon nie elkeen van daardie mense in daardie ry neem nie, ek sou hier van hierdie platvorm afval, so swak nou. Sien hoe sweetdruppels, uitslaan? Sien? Ek kan dit nie doen nie, want as Hy swakheid gevoel het van een persoon wat Hom aangeraak het, wat van nou wanneer Hy moet terugwerk deur 'n sondaar wat uit genade gered is? Sien? En dit was die gesalfde God. Sien?

192 Net Sy heilige, maagdelik-gebore liggaam waardeur God gewerk het, het Hom swak gemaak, wat van my, 'n sondaar gered uit genade? Want Hy het gesê: "Meer as dit sal julle doen. Die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen, en meer as dit." Dit sê *groter* in die King James, maar. . .

Jy sê: "Waarom praat jy met my, Broer Branham?"

193 Ek probeer jou gees kontak, net soos Hy met die vrou by die put gepraat het. Dis reg. Ek kan jou nou sê, jy ly aan 'n uitermatige senuweeagtigheid, jy het ook hartprobleme. Dis reg, is dit nie? As dit reg is, steek jou hand op, sodat die mense dit sien.

Nou, glo jy met jou hele hart? Wel, dieselfde God weet hierdie selfde ding is fout met jou. Sien? Dit doen dit net.

194 Ek bly dit elke aand voel, elke nou en dan, sê iemand: "Hy raai dit."

195 Ek raai dit nie. Hoe kon ek dit raai? Nou, moenie daardie dinge dink nie, want ek vang dit net hier. Sien? Dit hinder die res van die diens. Hier, laat ons kyk of ons dit geraai het.

196 Jy's 'n goeie persoon. Nou, ek sou dit nie kon raai nie, ek ken jou nie, ek het jou nog nooit gesien nie, ons is totale vreemdelinge. Is dit reg? Dis reg. Goed, meneer, dis waar. Nou, ek weet nie wat ek vir jou gesê het nie, die enigste manier wat ek weet, is om daardie bandopname te kry.

197 Laat my weer kontak maak met jou gees. Sien, jy's 'n vrou, ek's 'n man. Dis net soos dit was by die poort. . .by die put by Samaria. Maar ons, as Christene, sien, en die Gees van God tussen ons, ons is broers en susters, dan is daar 'n God van die Hemel hier wat deur my probeer werk, net soos *hierdie—hierdie*

ding, dit—dit weet nie wat om te sê nie, kan niks sê nie, ek kan jou ook nie sê nie. Ek moet *hierdeur* praat om 'n stem daardeur te laat gaan, wel, Hy moet deur my praat om vir my te sê wat verkeerd is.

198 Sien julle dit, gehoor? Sien? Sien? Nou, gee ek net myself oor, ek het net 'n gawe van God om myself oor te gee, ek weet nie wat Hy gaan sê nie. As Hy vir jou kan sê wat was, sou jy sekerlik kon glo, as Hy vir jou sou sê wat sal wees.

Nou, iemand sê: "Wel, kom ons kyk of Hy jou sal vertel wat was."

199 God wees genadig sodat die mense kan sien en verstaan, my gebed.

200 Ek wil net. . .Ek poog nie, jou lewe op te grawe nie, maar ek wil net sien of God dit sal sê, sodat die mense daardie iets sien wat. . .ek sal Hom nie meer vra, as Hy, in hierdie diens vanaand, as Hy dit net sal laat gebeur nie.

201 Ja, ek sien dit nou, ek sien haar bewe, loop na 'n venster, sy raak baie senuweeagtig, veral laat in die aand, net na werk, en sy het hartprobleme. Dis pres-. . .O, goeiste! Daar is iets anders, ja, hier is iets wat was: Dis 'n operasie van een of ander aard, 'n kanker in die bors, en jy's bang daardie deel daarvan is steeds daar. Dis reg. Ja, in jou sy. Sien, ek het na my linkerkant gewys, so ek hoef nie. . .Ja.

202 En jy het nog meer probleme gehad, jy het net onlangs jou man verloor. Dis reg. Is dit wat was? Glo jy God kan vir my sê wie jy is, dieselfde wat weet wie Simon Petrus was, ensovoorts? Mev. Babb. Gaan glo nou, dit sal alles verby wees. Amen.

203 Nou, as ek net hande lê, daar is *Iets* wat hier salf, is daar nie? As ek hande op jou lê, het die Bybel gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, as hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

Ons Hemelse Vader, ek lê hande op my suster en vra, terwyl hierdie salwing hier is, vir haar genesing. Amen.

Gaan, glo nou met jou hele hart.

As ek hande op jou lê, glo jy dat God jou sal genees en jou sal gesond maak? Die hele kerk bid vir jou.

In die Naam van Jesus Christus, mag hy genees word.

Hê net geloof, en gaan glo met jou hele hart.

204 Nou, jy weet ek weet wat verkeerd is met jou, maar ek hoef dit nie te sê nie, hoef ek? Net solank as wat ek jou sê jou hart. . . O, gaan maar, wees. . .Ek het dit klaar gesê. . .?. . .daardie salwing is op my.

205 Nou, jy weet ek weet wat verkeerd is met jou. Is dit reg? As ek jou sê, sal dit jou help? Wat sou die beste wees vir my om hande op jou te lê, of vir jou te sê wat verkeerd is met jou? Jou vertel

wat verkeerd is met jou. Goed. Jy's gepla met senuweeagtigheid, gaan nou van die platvorm af, en word gesond gemaak.

(Ek weet nie om daaruit te skud of nie. Jy sal die gebedsry moet stop, sien, as ek nie kan nie. Daar is Dit weer.)

Glo jy jou rugprobleem is reg? Gaan glo met jou hele hart.

206 Nou, jy weet God kan vir my sê wat verkeerd was met jou, en as Hy sou, sou dit jou help? Goed. Raak ontslae van daardie ou asma, gaan aan, en glo met jou hele hart . . . ? . . .

(Kan nie daaruit kom nie, op een of ander manier . . . ? . . . Bid net vir my.)

Glo jy dat God jou sal genees? Jou hart sal reg wees, en jy sal gesond word. Goed. Gaan glo met jou hele hart . . . ? . . .

207 (Nee, dis alles reg.) Nou, bid net en glo met jou hele hart. Nou, Hy weet wat verkeerd is met die mense. Nou, glo julle? Nou, hê net geloof, moenie twyfel nie. Nou, as elkeen van julle sal glo, en net julle genesing aanvaar, eerbiediglik, waar jy is, aanvaar net jou genesing! Nou wees baie eerbiedig. (Dis weer.)

208 Ek ken jou nie, weet niks van jou af nie. Ek reken ons het mekaar nog nooit in ons lewens gesien nie, hierdie is ons eerste ontmoeting. As dit reg is, steek jou hand op. Net nog 'n plek soos ons Here eenkeer 'n vrou by die put ontmoet het, met haar gepraat het. Hy het uitgevind wat haar probleem was, en toe het Hy haar haar probleem vertel. En sy het gesê Hy was die Messias. As Hy vir jou dieselfde ding kon sê deur my, sou jy glo dat Hy steeds Messias is? Glo jy dit met jou hele hart?

209 Ek wou jou dit net vra vir 'n rede. Jy het 'n ongeluk in jou been gehad, gehad, die knieskyf verwyder. Dis reg. En dan behalwe dit, het jy 'n breuk wat jou pla, en jy's uiters senuweeagtig. En die grootste ding wat jy nodig het, is om jou lewe vir Christus te gee, en van 'n sondaar, 'n Christen te word. Sal jy Hom nou aanvaar as jou Verlosser? Aanvaar jy Hom wel as jou Verlosser? Ek verklaar jou as genees, in die Naam van Jesus Christus. Gaan en sondig nie meer nie.

210 Laat ons sê: "Prys God," almal. Laat ons Hom net 'n rukkie aanbid.

Vader God, in Jesus' Naam, genees my suster.

Vader God, soos sy verbygaan, mag sy genees word, in Jesus' Naam.

211 As dit aanhou, sal jy 'n kruk kry naderhand, maar jy glo dat God dit van jou sal wegneem? [Die suster sê: "Ek glo."—Red.] Die artritis sal jou verlaat, en weg wees.

In die Naam van die Here Jesus, mag sy genees word.

Ja, mevrou, God seën jou, Suster. Dankie, Suster.

Ons Hemelse Vader, ek lê hande op hierdie dierbare vrou, in die Naam van Jesus Christus, genees haar, Vader. Amen.

212 Hemelse Vader, soos ek my hart voor U buig, bid ek vir my broer, soos hy verbygaan, mag hy inkom onder die skaduwees van die kruis en genees word, in Jesus' Naam.

213 Nou, as ek jou sou vertel wat verkeerd was met jou, sou dit jou help? Want jy probeer blind word, maar dis nie wat dit doen nie, diabetes is wat dit doen. En as jy sal glo met jou hele hart, sal dit jou verlaat. Sal jy glo? Gaan dan in die Naam van Jesus Christus, en word gesond gemaak. Amen. Dis dit . . .? . . .

Vader God, in die Naam van Jesus Christus, mag sy genees word. Amen.

Hê geloof.

Hemelse Vader, ek bid, in Jesus' Naam, dat U sal genees . . .? . . .

214 Nou, moenie—moenie dink dis omdat ek hulle nie sê dat daardie . . . Dis soort van moeilik vir my om weg te kom daarvan. Sien? Maar ek—ek weet dat dit—dis alles reg, God doen dit net dieselfde. Sien? Um-hum. Maak nie saak nie, sien. Ek kan nie . . . As julle die hele ry doen, ek het net vir Broer Jack gesê om dop te hou, as dit aanhou, sou ek die ry moes verlaat, want dit draai net nou vir my. Hoeveel verstaan dit, Skriftuurlik? Wel, sekerlik. Sien jy kan skaars . . .

215 Goed, glo jy ek is Sy profeet? Of, Sy dienskneg, bedoel ek om te sê. Dit laat sommige mense struikel. Ek's nie 'n profeet nie, ek's net Sy dienskneg. Sien? Glo jy met jou hele hart? Glo jy dat hy reg sal kom? Huh? Hy's baie senuweeagtig, is hy nie? Het hartprobleme, hoë bloeddruk, en hy drink. Gaan, glo, dis jou man waarvan ek praat, sal regkom.

Hê geloof in God.

Ons Hemelse Vader, ek bid dat U ons suster sal genees, in Jesus' Naam.

Huh! Gaan eet jou aandete, jy is genees wat daar in die stoel gesit het, jou maagprobleem het jou verlaat.

O God, ek bid, God, U sal hierdie persoon genees, in Jesus' Naam. Amen.

Seën jou.

God, ek bid dat U ons suster sal genees, in Jesus' Naam. Amen.

God, lê hande op die kleintjie, in die Naam van Jesus Christus, mag dit genees word.

Moenie nou vrees nie, dit sal reg wees . . .? . . .

Vader God, ek bid dat U haar artritis sal genees, en haar gesond sal maak, en die senuweeagtigheid, en dinge, ek bid dat sy reg sal wees, in Jesus' Naam.

Vader, ek bid dat U haar sal genees, in Jesus Christus' Naam, mag sy gaan, en gesond gemaak word. Amen.

God, ek bid dat U ons broer sal genees en hom gesond maak, soos ek hande op hom lê, in Jesus' Naam. Amen.

God seën jou, seun.

Ons Hemelse Vader, ek lê hande op ons suster. In die Naam van Jesus Christus, mag sy gaan en genees word. Amen.

Hê nou geloof, moenie twyfel nie.

Onse Vader, ek bid dat U ons suster sal genees, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Gaan verby, soos, moenie verbykom soos by my nie, maar onder die kruis, julle sien.

In die Naam van die Here Jesus, mag hy genees word. Amen.

O, moenie twyfel nie.

In Jesus' Naam, Vader, bid ek dat U hierdie seëning sal skenk. . .?. . .

God seën jou.

Ons Hemelse Vader, ek bid dat U ons suster sal genees, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

God seën jou, Suster. Glo dit? Hou goeie moed. Sien? Nou, julle weet ek weet wat verkeerd was, maar gaan dit in elk geval glo. Sien?

216 Jy wil hê ek moet iets sê. As ek vir jou sal sê wat op jou hart is, sal jy glo dat ek Sy profeet is? Jy sal? Een ding wat verkeerd is met jou, jy's gepla met senuweeagtigheid. Dis reg. Jy het 'n senuweeagtige maag wat jou probleme veroorsaak. Dis waarvoor jy wil hê ek moet bid. Is dit nie reg nie? Jy het dit jou hele lewe lank gehad. Ek sê jou, jy het 'n las op jou hart. Kan God vir my sê wat jou las is? Die verlossing van jou vader en moeder, dis SO SPREEK DIE HERE.

Ek ken jou, dierbare Suster.

217 O Here God, terwyl die salwing van die Heilige Gees, hierdie vrou so goed vir my was, bid ek dat U haar haar begeerte sal gee vanaand. Gee al hierdie dinge wat sy gevra het, Vader, en veral vir die familie. Ek bid in Jesus' Naam. Amen.

Jy weet wat ek bedoel. Goed.

Ons Vader Wat in die Hemel is, Geheiligd sy U Naam, skenk die genesing van ons—ons kosbare broer, in Christus' Naam.

Kom, gelowig, moenie twyfel nie.

God seën jou, broer, hê geloof nou.

In die Naam van Jesus Christus, lê ek hande op hom, terwyl die salwing van die Heilige Gees teenwoordig is, mag hy in Jesus' Naam genees word.

Onse Vader, soos ons die vibrasies van hierdie goeie vrou voel, bid ek, Vader, dat U haar sal genees, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Kom, glo nou, moenie twyfel nie.

218 Suster, kyk net na die gebede wat opgaan vir jou, kyk na hierdie goeie klomp predikers hier, hierdie is die Kerk van die lewende God, jy sien.

219 Onse Vader, ons bid dat U haar sal genees, soos ons deur geloof ons hande op haar lê ter bevestiging van Jesus se Eie Woorde, Hy het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Mag sy genees word, in Jesus' Naam. Amen.

"Gebed van geloof sal die siekes red, en God sal hulle oprig."

220 Hemelse Vader, met die kragdadige vurige gebed van die regverdiges, en ons is nie regverdig nie, maar ons aanvaar die regverdigheid van ons Here, Ek bid hierdie gebed vir haar, en bied dit vir U aan namens haar, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

God seën jou, Suster. Gaan nou in geloof.

Die gevaarlikste siekte wat daar is, hartprobleme, maar God is die Geneser van hartprobleme. Is dit nie reg nie? Glo jy . . .? . . .

Ons Hemelse Vader, ek bid dat U ons broer sal seën en hom genees. Skenk dit, Here, soos ek hande op hom lê, in Jesus Christus' Naam. Amen.

Seën jou, Broer.

Ons Vader Wat in die Hemel is, laat U Naam Geheilig word, ek bid, Vader, dat U die genesing van my broer sal skenk. Amen.

221 Vader God, soos ek hande lê op die vroutjie, bid ek dat, in die Naam van Jesus Christus, dat U haar sal genees en haar heeltemal gesond sal maak. Amen.

Moenie twyfel nie, kom net gelowig.

222 Here Jesus, teer en genadiglik, Here, bring sy die kleintjie, en ek lê my hande op hulle en spreek die seëninge van God uit, mag dit genees word, in Jesus' Naam. Amen.

God seën jou, Suster.

223 Ons Hemelse Vader, soos hierdie nederige, klein vroutjie hier opbeweeg en die Woord van God oor haar hart dra, bid ek, Here, Dit sal diep daarin ingaan, en sy sal geloof hê om te glo, in Christus' Naam. Amen.

Ons Hemelse Vader, ons vra die genade van God hieroor, ons suster. Mag die krag van God haar genees en haar gesond maak, in Jesus Christus' Naam.

224 (Wat is dit? Goed, meneer.) Ek gaan hierdie mense wat hier sit, vra wat is . . . alhoewel hulle nie gebedskaartjies het nie, maar hulle is in hierdie rolstoele, sal julle julle hoofde

buig en net ’n oomblik saam met my bid, almal, terwyl ek gaan en hande op hulle lê. [Broer Branham bid vir diegene in rolstoele vir drie-en-’n-half minute, baie van sy woorde is ononderskeibaar—Red.] . . . ? . . .

225 Nou, julle sond- . . . wat hier was sonder kaartjies, en, ek het gebid vir hierdie mense in die rolstoel, en hulle het ook nie kaartjies gehad nie, maar hulle het so ’n moeilike tyd om by die diens te kom. Ek . . . Het ek vir hierdie outjie hier gebid? God seën jou, Broer. Seën jou hart. [Broer Branham bid vir die seuntjie, baie van sy woorde is ononderskeibaar—Red.] Ons Hemelse Vader . . . ? . . .

226 Ons het altyd die liedjie gesing:

> Bid, bid, die enigste manier
> Om hoër grond te bereik;
> Bid, bid, die gebed van geloof
> Sal God se seëninge bring.

Is dit reg? Glo julle almal in God?

227 Verskoon my, ek dink die gebedsry is verby. Net hierdie een? Goed. Is hierdie—is hierdie die ander dame? Goed. Nou, jy’s . . . Hoeveel glo?

Hierdie dame, ek ken jou nie, ek het jou nog nooit gesien sover ek weet nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar.

228 Nou, elke persoon hierbuite in die gebou, laat hierdie vrou ’n voorbeeld vir julle wees. Hier is ons, loop net reguit hiernatoe, Suster. Ek ken nie hierdie vrou nie, ek het haar nog nooit gesien nie. Ons is totale vreemdelinge vir mekaar, sover ek weet. Maar as die Heilige Gees my iets sal vertel wat verkeerd is met haar, of waarvoor sy hier is, dit mag wees dat sy siek is, miskien is sy hier vir iemand anders, miskien is sy hier vir huislike probleme, finansiële probleme, kerksake, geestelike toestand, ek weet nie. Dis waar, ek ken nie die dame nie, God ken.

229 Maar nou, dat julle mense altyd mag weet dat Jesus Christus, in julle teenwoordigheid, onfeilbare bevestiging van Sy Woord gee, laat my net ’n oomblik met die vrou praat, terwyl ek myself oorgegee het aan die Gees.

230 Nou, julle vir wie ek gebid het, en hande opgelê het in hierdie rolstoele, as julle nie genoeg geloof het om op te staan en te loop nie, moenie dat dit julle pla nie, hê julle net ’n klein mosterdsaad-gelofie, en hou net daaraan vas, en laat jouself net reguit aanbeweeg. Sien? Nou, Abraham is ’n belofte van God gegee, en vir vyf-en-twintig jaar het hy gewag vir daardie belofte om vervul te word. Is dit reg? Hy het nooit getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie; was sterk en het God geprys. Nou, ons weet dat God steeds God bly.

231 Nou, as hierdie vrou hier, opgestap het in die Teenwoordigheid van die Here Jesus Christus vanaand, kom ons

sê sy is siek, en sy het opgestap in die Teenwoordigheid van die Here Jesus, en sy. . . Sy *is* in die Teenwoordigheid van die Here Jesus, nie jy nie, nie ek nie, maar die Gees wat hier is. Sien? Hy is die Wynstok, ons is die lote. Is dit reg? Hoeveel weet die wynstok dra nie vrugte nie? Die lote dra die vrugte soos dit lewe gegee word deur die wynstok. Is dit reg? Nou kyk goed en luister. Nou, as sy hier gestaan het in die Teenwoordigheid van die Here Jesus. . .

232 Iets het toe langs daardie seun daar gebeur. Ek sê jou wat ek wil hê jy moet doen, ek wil hê jy moet 'n toutjie neem en dit om daardie waterkop vasbind, sien, vanaand, en 'n knoop daarin maak. En dan, op die laaste aand van die diens, oormôre-aand maak jy, môre-aand maak jy nog 'n knoop, die volgende aand nog 'n knoop, en bring vir my daardie toutjie, en lê dit hier op *hierdie* hier, om te bewys dis God wat op daardie seun is. En kyk hoeveel daardie kop krimp tussen nou en dan. Amen. Dis dat julle mag weet.

233 Nou, die rede waarom ek dit gedoen het, is om haar geloof te hê, sien, jy moet iets vir jou geloof hê. Sien? As jy nie sal twyfel nie, sal dit plaasvind. Nou, kyk jy, ek wil hê jy moet jou tou vasmaak, 'n knopie daarin maak, sit dan dieselfde toutjie, môre-aand, na die diens, maak nog 'n knoop, hoeveel dit krimp, dan, op die laaste aand, maak jou knoop waarvan ek gepraat het in die kerk, lê dit dan neer hier bo-op die platvorm, knip dit af, en wys my hoeveel dit gekrimp het tussen nou en dan, ons sal sien.

Nou, julle sien, vriende, julle sê: "Wat doen jy, Broer Branham?"

234 Ek probeer myself terugkry by 'n plek net 'n bietjie, sien, sodat ek net 'n oomblik met julle kan praat. Ek kyk uit daardie kant toe en sien net, asof julle almal nou een groot, melkerige groep is. Sien? Maar ek probeer julle laat sien dat julle broer, ek, julle broer, nie een ding op aarde hiermee te doen het nie, dis God wat Sy Woord bevestig, Sy belofte, wat Hy gesê het Hy sou doen.

235 Nou, moenie bang wees daarvoor nie. As ek Sy Stem kon hoor praat vanaand, sou Hy dit sê: "Hou goeie moed; dit is Ek; moenie bevrees wees nie." Want Hy is dieselfde gister, dis wat Hy gister gedoen het, vandag is, tot in ewigheid sal wees. Glo julle dit?

236 Nou, sien, sodat julle sal weet dat dit nie gebedskaartjies is, of iets, iemand, of in die predikersontbyt nie. En vir drie aande nou, drie dienste het ons nie 'n gebedskaartjie gehad nie. En het Hy in ander dienste gedoen sonder gebedskaartjies, net soos Hy vanaand gedoen het met gebedskaartjies? Gebedskaartjies laat hulle net in 'n ry staan, sodat ons nie 'n bakleiery oor mekaar se plek sal hê nie, sien, te veel op een plek nie.

237 Nou, Suster, verskoon my, ek bly daarvan vergeet. Ek, nie buite myself nie, maar ek hoop jy vergewe my daarvoor, ek het

nie bedoel dat jy hier staan en ’n skouspel van jou maak nie. Nou, net ’n. . .Ons. . .Het jy ’n gebedskaartjie gehad, of het hulle jou net hierbo gesit? Jy het ’n gebedskaartjie gehad. Goed. Want ek het gedink as jy in staat was om so rond te loop, sou nie reg wees met, julle weet, want jy kon wees ’n. . .sien, vir hulle. Maar jy, hulle het jou ’n gebedskaartjie gegee, jy was in die ry. Goed.

238 Nou, as die Here Jesus, soos hier, weer ’n vrou en ’n man, as Hy my iets kan vertel wat, soos waarvoor jy hier is, sal jy dit glo? Jy’s hier vir my om vir jou oë te bid, het oogprobleme. As dit reg is, steek jou hand op.

Wel, jy sê: “Sekerlik, sy het ’n bril op.”

239 Goed, kom ons neem dit net uit die pad uit. Nou kyk jy na my en glo. Glo jy? Nou, jy’s. . .Net om die mense te laat weet, nou, jy voel net nou ’n baie soet, warm Gees. As dit reg is, steek jou hande op, want jy is ’n Christen.

240 Nou, het julle al ooit die foto van daardie Lig, daardie Ligkolom in die foto gesien? Ons het dit hier, dis regoor die wêreld geneem, ons het hulle net hier by die gebou. Nou, hoeveel het dit al ooit gesien? Goed, daardie Lig hang tussen my en die vrou net nou, ek kyk reguit Daarna.

241 Nou, dink jy Hy kan jou man genees? Hy’s ook hier. As ek vir jou kan sê wat verkeerd is met jou man, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is? Hy het velkanker op die gesig. Dis reg, is dit nie? Uh-huh. Goed.

242 En jy het ’n ander geliefde waarvoor jy bid, dis ’n dogter, geliefde, hulle is nie hier nie, het probleme met die oor. Hulle is nie eens in hierdie streek nie, dis in Georgia. Dit reg? Jy’s nie van hierdie stad nie, jy’s van ’n stad met die naam van J-a-. . .Jasper. Dis reg. Jou naam is Mev. Kennett. Ja, dis reg. Gaan huis toe, en word gesond gemaak, in Jesus Christus’ Naam.

243 Lê. . .Hoeveel glo? Jesus het gesê: “Vir *hulle* wat geglo het, sal hierdie tekens volg.” Is dit reg? Lê julle hande op mekaar. “As hulle hande lê. . .” Moenie nou vir jouself bid nie, bid vir die persoon wat jy het. . .Daar ver agter aan die agterkant, lê julle hande op mekaar. Nou bid die gebed van geloof.

244 Ons Hemelse Vader, ek bid dat U hulle sal help.

245 Satan, jy het die stryd verloor, jy’s ontbloot, Satan. Kom uit hulle uit in die Naam van Jesus Christus!

61-0123 Dit Is Ek, Wees Nie Bevrees Nie
Amerikaanse Legioen Saal
Beaumont, Texas V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org